ning, organising, co-ordinating, motivating and control. The value of Allen's contribution lies therein that he not only clearly distinguishes which activities must be included under the various elements of management but he also gives a clear account of management as a dynamic activity.

I may, therefore, be excused, if amidst all this conceptual confusion, I lean rather heavily on Allen in seeking to apply modern management principles and techniques to a municipal undertaking.

1.5 Dale<sup>6</sup> is of the opinion that activities such as "innovation" and "representation" should be added to those management functions mentioned above, in view of the fact that managers have to pay attention thereto from time to time. He refers to Drucker<sup>7</sup> where the latter says "Managing a business cannot be a bureaucratic, administrative or even a policy-making job. (It) must be a creative rather than an adaptive task". Dale admits, however, that innovation and adaptation could be treated as part of the process of planning.

1.6 Reynders<sup>8</sup> quotes Vlerick where the latter describes "management" as "getting things done through (other) people" and interprets this phrase as follows:

- ♦ it is a process, a succession of activities (think, decide, convey and receive communications, react);
- ♦ it is directed towards the realisation of an objective (the "things" that should be achieved);
- ♦ it is not doing these things by oneself, but getting them done through others;
- ♦ it is getting things done through people (work with and through people);
- ♦ it is work by a group of people.

Reynders emphasises that although the separation of the elements of management in this manner facilitates analysis, the one element cannot succeed without the other or without the whole suffering in the event of its absence. One must be careful not to over-emphasise the one element at the expense of the other. The circumstances under which an undertaking has to operate and the nature of its operations, will themselves determine the relative importance of a particular element at a given point of time.

1.7 In summarising one can, therefore, describe administration in simple terms as that conscious and purposeful action which is necessary for the achievement of a particular objective; whilst in the process

beplanning, organisering, ko-ordinering, motivering en beheer. Die waarde van Allen se bydrae lê egter daarin dat hy nie slegs duidelik onderskei welke aktiwiteite hy onder hierdie elemente van bestuur insluit nie, maar „bestuur” as ’n dinamiese aktiwiteit beskryf.

Ek kan derhalwe seker verskoon word as ek temidde van al hierdie begripsverwarring swaar op Allen leun wanneer ek praktiese toepassing van moderne beginsels en tegnieke van bestuur in ’n munisipale onderneming soek.

1.5 Dale<sup>6</sup> voel egter dat by die tradisionele bestuurfunksies soos reeds genoem, „vernuwing” (innovation) en „verteenvoordinging” ook gevoeg moet word aangesien bestuurders van tyd tot tyd aandag daaraan moet gee. Hy verwys na Drucker<sup>7</sup> waar laasgenoemde sê „Managing a business cannot be a bureaucratic, administrative or even a policy-making job. (It) must be a creative rather than an adaptive task”. Dale gee egter toe dat vernuwing en aanpassing as deel van die proses van beplanning gesien kan word.

1.6 Reynders<sup>8</sup> haal Vlerick aan waar laasgenoemde „bestuur” omskryf as „getting things done through (other) people” en hierdie segswyse soos volg vertolk:

- dit is ’n proses, ’n opeenvolging van handeling (dink, beslis, mededelings oordra en ontvang, reageer);
- dit is gerig op die bereiking van ’n doel (die „things” wat te verwesenlik is);
- dit is nie self doen nie, maar gedaan kry deur andere;
- dit is gedaan kry deur mense (die werk met en deur mense);
- dit is werk deur ’n groep mense.

Reynders beklemtoon dat hoewel die skeiding van die elemente van bestuur, ontleding van die begrip vergemaklik, die een nie sonder die ander kan werk sonder om die dele en die geheel te benadeel nie. Daar moet ook gewaak word teen die oorbeklemtoning van die een element ten koste van die ander. Die omstandighede waarin ’n bedryf homself bevind en die aard van sy aktiwiteite sal self bepaal hoe belangrik ’n bepaalde element op ’n bepaalde tydstip vir sodanige bedryf is.

1.7 Opsomming kan dus gesê word dat administrasie, in eenvoudige terme gestel, die bewustelike en doelgerigte optrede vir die verwesenliking van ’n bepaalde doelwit behels, terwyl wanneer alle admini-

6. Dale, E.: Management Theory and Practice, p. 6.  
7. Drucker, P. F.: The Practice of Management, p. 47.  
8. Reynders, H. J. J.: Article in magazine for Organisation and Methods, December, 1966.

6. Dale, E.: „Management Theory and Practice”, p. 6.  
7. Drucker, P. F.: „The Practice of Management”, p. 47.  
8. Reynders, H. J. J.: Artikel in Tydskrif vir Organisasie en Metode, Desember, 1966.

of analysing all administrative action, a distinction can be drawn between management work performed by executives and the work performed by others who merely carry out instructions and do not have to plan, organise, motivate, co-ordinate, etc., the work of others in discharging their own responsibilities. I personally see the concept of management as the sum total of certain pre-arranged dynamic processes that are integrated in such a manner that, as Drucke,<sup>7a</sup> sees it, they manifest themselves as the lifegiving elements of an undertaking. As a machine is more than just the collection of the various parts thereof, so management as defined above, must also be seen as the interaction of the various elements thereof. It is for this reason that I prefer not to distinguish the element co-ordination from the elements of planning, organising, leading (motivating) and control, but to see it as an essential function which should be performed on a continuing basis. I prefer to see effective management as the interaction of the following elements :

- co-ordinated planning;
- co-ordinated organising;
- co-ordinated activating leadership;
- co-ordinated control.

Management as one finds it in practice is, to a greater or lesser degree, usually defective. Municipal undertakings are no exception. It is, therefore, important that we in municipal service shall take notice of the techniques that have been developed by the more competitive private sector in order that we may be more effective in carrying out our own management functions.

## 2. LEADERS, THEIR STATUS, ROLES AND LIMITATIONS

**2.1** Before an attempt is made to indicate the manner in which municipal undertakings should be managed one should first ascertain who the managers or leading functionaries are. Their status and/or authority and the manner in which their behaviour influences the achievement of the objective, must first be clarified.

**2.2** In those provinces where the "management-committee system" is part of the constitutional set-up of a local authority, one experiences several problems in ascertaining where the "management" work of such committees begins and where it ends. Although they have certain clearly demarcated "management" functions, they can only be legally exercised during meetings. They are mainly of a consultative, policy and decision making nature, depending upon whether

stratiewe handeling ontleed word, daar onderskeid getref kan word tussen bestuurswerk verrig deur die leidinggewende funksionaris en ander werk verrig deur almal wat bloot maar opdragte uitvoer en in die uitvoering daarvan nie hoef te beplan, organiseer, motiveer, ko-ordineer, ens. nie. Persoonlik sien ek die begrip „bestuur" as die somtotal van sekere geordene dinamiese prosesse wat op so 'n wyse geïntegreer is dat dit, soos Drucker<sup>7a</sup> dit sien, die lewewegende element in 'n bedryf uitmaak. Soos 'n masjien meer is as net 'n versameling van die onderdele daarvan, so moet bestuur, in bestaande terme gedefinieer, ook gesien word as die wisselwerking tussen die verskillende elemente daarvan. Juis om hierdie rede verkies ek om die element koördinasie nie los van die elemente van beplanning, organisering, leidinggewing (motivering) en beheer te sien nie, maar wel as 'n noodsaaklike funksie wat deurlopend vervul behoort te word. Ek verkies dus om die doeltreffende bestuursproses te sien as die wisselwerking van die volgende elemente :

- gekoördineerde beplanning;
- gekoördineerde organisering;
- gekoördineerde aktiverende leidinggewing;
- gekoördineerde beheervoering.

In die praktyk word gevind dat bestuurswerk in 'n mindere of meerdere mate gebrekking is. Munisipale ondernemings is hierop geen uitsondering nie. Derhalwe is dit belangrik dat ons sal kennis neem van die tegnieke wat deur die sterk mededingende bedryfswese ontwikkel is om die bestuurstaak doeltreffender te maak.

## 2. DIE LEIDINGGEWENDE FUNKSIONARISSE: HULLE STATUS, ROLLE EN BEPERKINGE

**2.1** Voordat bepaal word op welke wyse daar in 'n munisipale onderneming bestuur behoort te word, moet eers vasgestel word wie die bestuurders of leidinggewende funksionaris is. Duidelikheid moet verkry word oor die status en/of gesag waaroor hulle beskik en op welke wyse hulle optrede die verwezenliking van die einddoel, waarna gestreef word, beïnvloed.

**2.2** In daardie provinsies waar 'n munisipale „bestuurskomiteestelsel" deel van die konstitusionele opset van 'n plaaslike owerheid uitmaak, het 'n mens dikwels probleme om te probeer vasstel waar sulke komitees se bestuurswerk begin en waar dit eindig. Alhoewel hulle sekere duidelik omylende „bestuurspligte" het, is hulle funksies wat wettiglik slegs tydens vergaderings uitgevoer kan word, hoofsaaklik van 'n raadgevende, beleidmakende, besluitnemende en be-

7a. Drucker, P. F.: Op. cit. p. 1.



7a. Druker, P. F.: Op. Cit. p. 1.



**MEM**

H.R.C. fuses

Our label  
answers  
7 questions  
important  
to you...

RATING ①	440V 20 AMP. A.C. 5	⑤ MANUFACTURER
S.A.B.S. 172 ②	S.A.B.S. 172	⑥ S.A.B.S. MARK
A.S.T.A. CERTIFIED ③	1.5 FF A.S.T.A. CERTIFIED	 
BS 88 ④	415 AC 80. BS 88, 1967	
	HRC FUSE-LINK 20SB3	⑦ ORIGIN
	MADE IN S. AFRICA	

...they are your  
guarantee of  
Quality  
and Availability

Stocked by Wholesale Electrical Merchants throughout the Country... in all the popular sizes.

**M.E.M. (South Africa) (Pty) Ltd**  
P.O. Box 27169, Benrose, Transvaal

the committee is acting in terms of delegated authority or not. Before one delves too deeply into the question of whether the so-called "management committees" really manage or whether they are merely administrative organs to a limited degree, one should rather ascertain how effectively or ineffectively those persons who are responsible to them, namely the heads of departments, divisions and branches, perform their management work, because the success or otherwise of management committees is measured by the effective execution of management work by these executives. The critics (the ratepayers who usually have a poor grasp of the manner in which the organisation functions) are only interested in effective realisation of specific management objectives.

**2.3** Heads of departments form the traditional top management. They are assisted by sub-ordinate managers, the heads of service branches as well as the leaders of small groups (the so-called foremen) depending upon the sizes of their departments and their abilities and/or attitudes in delegating management work. As already indicated under the definition of administration, these functionaries, apart from management work, also perform other work (operational work).

**2.4** Ideally, top management should mainly carry out management work and relatively little other work whilst on the lowest level of management the opposite should be the case. **It should be emphasised that an undertaking in which all management work is performed at the top, cannot function effectively.** Successful management work is teamwork with role, function and objective of every level of management clearly demarcated.

**2.5** The status and role of a leading functionary are not necessarily indicative of his effectiveness as a leader in the organisation. His effectiveness is determined by his ability and his willingness to perform the role of a worthy (professional) manager. It is possible for the most of us to single out the good or worthy managers as well as the less successful or poor managers within the spheres of our work. In this respect Parrot<sup>9</sup> distinguishes between the amateur and the professional manager. He finds it easy to locate an amateur by reference to the following characteristics:

- ♦ He specialises in the work of his sub-ordinates because that is the work that he knows best, better than management work;
- ♦ He makes most of the decisions himself—out of habit;

herende aard, afhange van daarvan of hulle ingevolge gedelegeerde bevoegdheid optree, al dan nie. Voordat 'n mens te diep op die saak ingaan of die sogenaamde „bestuurkomitees” wel bestuur en of hulle bloot maar in beperkte sin administreer, is dit eger noodsaaklik om te bepaal hoe goed of sleg diegene oor wie hul gestel is, naamlik die hoofde van departemente, afdelings en vertakkinge van die diens hulle eie bestuurswerk verrig, want aan die doeltreffende funksionering van hierdie uitvoerende beamptes word die sukses of andersins van bestuurskomitees gemeet. Die kritici (die belastingbetaler wat gewoonlik 'n swak begrip het van hoe die organisasie funksioneer) stel slegs in die doeltreffende verwesenliking van bepaalde bestuursdoelwitte belang.

**2.3** Hoofde van departemente maak tradisioneel die topleiding uit. Afhange van die grootte van hulle departemente en hulle vermoë en/of beleid om van hulle bestuurswerk te deleger, word hulle bygestaan deur ondergeskikte leidinggewende funksionarisse, die hoofde van diensvertakkinge en selfs die leiers van kleingroepe, die sogenaamde voormanne. Soos reeds onder die definisie van „administrasie” aangedui, verrig hierdie funksionarisse behalwe bestuurswerk ook ander werk (substantiewe of operasionele werk).

**2.4** 'n Ideale toestand is dié waar die topleiers hoofsaaklik bestuurswerk en relatief min ander werk verrig terwyl op die laagste bestuursvlak hoofsaaklik ander werk en relatief minder bestuurswerk verrig word. 'n Saak wat eger baie goed begryp moet word, is dat 'n bedryf waarin alle bestuurswerk slegs op die boonste vlak verrig word, nie doeltreffend kan funksioneer nie. Suksesvolle bestuurswerk is spanwerk met die rol, funksie en doelwit van elke leidinggewende funksionaris op elke vlak duidelik omlyn.

**2.5** Die status en rol van 'n leidinggewende funksionaris is eger, op sigself, nie noodwendig 'n aanduiding van sy doeltreffendheid as bedryfsleier nie. Sy doeltreffendheid word bepaal deur sy vermoë en gewilligheid om die rol van 'n volwaardige bestuurder te vervul. Waarskynlik kan die meeste van ons in die kringe waarin ons werk of beweeg, goeie of volwaardige bestuurders uitken asook minder-suksesvolle of swak bestuurders. Parrot<sup>9</sup> onderskei in hierdie verband tussen die „amateur bestuurder” en die „beroepsbestuurder”. Vir hom is dit maklik om die amateur uit te ken aan die volgende eienskappe:

- ♦ Hy spesialiseer in die werk van sy ondergeskiktes want dit is die werk wat hy die beste ken, beter as bestuurswerk.
- ♦ Hy maak self die meeste van die besluite—uit gewoonte.

9. Parrott, R. H.: Article on "The Profession of Management" in Municipal Affairs Magazine, March, 1966.

9. Parrot, R. H.: Artikel oor „The Profession of Management” in Tydskrif Municipale Aangeleenthede, Maart 1966.



- ◆ He organises around personalities—instead of around the work that has to be performed;
- ◆ He first acts and thinks later—he, therefore, does not make considered logical decisions but usually follows precedents and his intuition.
- ◆ He exercises control either by means of overruling or through personal example—he only acts after things have gone wrong;
- ◆ He is an effective personal leader—this he must be at least.
- ◆ Hy organiseer om persoonlike — in plaas van om die werk wat gedoen moet word.
- ◆ Hy tree eers op en dink later daaroor na — dus maak hy nie oorwoë en logiese besluite nie, maar tree gewoonlik op volgens presedente en aanvoeling.
- ◆ Hy beheer deur òf te oordonder òf deur persoonlike voorbeeld — hy tree slegs op wanneer dinge eers verkeerd geloop het.
- ◆ Hy is 'n effektiewe persoonlike leier — dit moet hy ten minste wees.

In contrast to the amateur manager Parrot describes a professional manager as a person that performs his management work on a definite basis, who is not only guided by the lessons of the past but also by management principles that have in their practical application, stood the test of time.

2.6 The professional manager has to thank the ever increasing size of firms (which utilise investment capital supplied by others) for the development of his profession. Diedericks<sup>10</sup> points out that the professional manager has an increasingly important role to perform in the South African economy in that he must, amongst other things, **supply the initiative necessary to achieve the highest possible standard of living for all groups by means of the most beneficial utilisation and our natural resources.** He emphasises: "hiervoor is goeie bestuur, in al sy fasette in alle aktiwiteite nodig." He continues to point out that not only is good management necessary in business undertakings but also on all government levels and in municipal and public utility undertakings. He describes these professional managers as follows:

"Men who are also inspired with idealism, a high sense of ethical and moral values, integrity, loyalty and vision, who can do creative thinking and are prepared to take calculated business risks within the framework of economic and social conditions which are largely unpredictable."

2.7 Although there is apparently a great need for professional managers in our country, it does not mean to say that all those who are in management positions are necessarily good managers or that they are permitted by circumstances to carry out their management functions effectively. A person's shortcomings as manager may perhaps be ascribed to the rut of tradition into which he has fallen, his lack of proper training, his wrong attitude towards his profession and, therefore, also towards those persons through which he has to achieve results; or it may

Hierteenoor stel Parrot die beroepsbestuurder (volwaardige bestuurder) wat sy bestuurswerk op 'n vaste grondslag verrig, gelei deur lesse geleer in die verlede asook bestuursbeginsels wat die toets van die praktyk deurstaan het.

2.6 Die beroepsbestuurder het die opkoms van sy beroep te danke aan die steeds groterwordende bedryfseenhede wat gebruik maak van beleggingskapitaal voorsien deur verskeie instansies. Diedericks<sup>10</sup> wys daarop dat die beroepsbestuurder in die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n steeds belangriker rol vervul om onder andere **die inisiatief te voorsien om die hoogste moontlike lewenstandaard vir alle groepe moontlik te maak deur die voordeligste benutting van ons hulpbronne te bewerkstellig.** Hy beklemtoon: „Hiervoor is goeie bestuur, in al sy fasette, in alle aktiwiteite nodig”. Hy gaan verder deur daarop te wys dat nie slegs goeie bestuur in die sake-ondernemings nie, maar ook op alle owerheidsvlakke, dus ook by munisipale ondernemings en nutsondernemings noodsaaklik is. Hierdie beroepsbestuurders beskryf hy soos volg:

„Men who are also inspired with idealism, a high sense of ethical and moral values, integrity, loyalty and vision, who can do creative thinking and are prepared to take calculated business risks within the framework of economic and social conditions which are largely unpredictable”.

2.7 Hoewel daar dus skynbaar 'n groot behoefte in ons land aan volwaardige bestuurders bestaan, wil dit nie sê dat almal wat bestuursposte beklee, noodwendig goeie bestuurders is, of deur omstandighede toegelaat word om goeie bestuurders te wees nie. 'n Persoon se tekortkominge as bestuurder mag dalk toegeskryf word aan die groef van tradisie waarin hy verval het, sy gebrek aan korrekte opleiding, sy verkeerde ingestelheid teenoor sy beroep en dus ook teenoor diegene deur middel van wie hy resultate moet behaal; of dit kan te wyte wees aan die werksklimaat in 'n beson-

10. Diedericks, Dr N.: Speech before S.A. Institute of Management, published in "S.A. Manager", February, 1970.

10. Diedericks, dr. N.: Toespraak voor S.A. Instituut vir Bestuur, opgeneem in „S.A. Manager”, Februarie, 1970.

be due to the work climate in a particular undertaking which came about as a result of the deeds or misdeeds of top management, the board of directors or to come nearer home, the local council.

**2.8** A worthy manager of a municipal undertaking, may for example, realise the need for realistic long range planning and submit proposals to his council for the extension of particular undertakings in order to satisfy anticipated future needs. He may find however, that because this type of planning requires sacrifices to be made by the present ratepayers, their representatives are more interested in the satisfaction of their present needs in consequence of which necessary development works are delayed or postponed. To use another example, the departmental head may, because he wants to be a worthy manager, take positive steps to organise his department on a rational basis; to formulate clearly the job requirements of the various functionaries and once he has done this, endeavour to obtain suitable persons to fill these positions, whilst in practice he may find that other, irrelevant considerations have played a part in the appointment of a less suitable person to a particular post.

**2.9** Where loan funds have to be applied for, matters are further complicated for the municipal manager (prior to the commencement of the particular work or scheme) on account of the considerable amount of paper work that has to be completed for purposes of obtaining the necessary approval from higher authority; although such approval can, in many cases, be taken for granted. There must, therefore, necessarily be a delay between the planning stage and the execution stage of such projects.

**2.10** In spite of the various frustrations and problems of the municipal manager, of which the above are only a few examples, it remains nevertheless an indisputable fact that **the worthy manager adapts himself timeously to the conditions under which he operates and endeavours to eliminate as much as possible the adverse consequences of such delaying factors.** The amateur manager, by way of contrast, finds himself in a position where there is little that he can do except to feel sorry for himself. The maintenance of a positive managerial approach which will now be analysed in greater detail, is beneficial to both the leading functionary and his employer.

### 3. PLANNING SIMPLIFIES CO-ORDINATED ACTION

**3.1 Introduction:** Planning entails much more than the mere making of plans. Plans are, indeed, often made by persons for doing unnecessary or harmful things. Planning, with special reference to muni-

dere bedryf veroorsaak deur die dade en misdade van die beleidsbepalende funksionaris, byvoorbeeld die direksie of, om nader huis toe te kom, die stadsraad.

**2.8** 'n Volwaardige bestuurder van 'n munisipale onderneming mag, byvoorbeeld, die noodsaaklikheid van realistiese vooruitbeplanning besef en voorstelle aan sy raad voorlê vir die uitbouing van 'n bepaalde onderneming of diens om vir die verwagte behoeftes van die toekoms voorsiening te maak. Hy mag egter vind dat aangesien hierdie tipe van beplanning sekere opofferings van die huidige belastingbetalerskorps verg en hulle meer belangstel in onmiddellike bevrediging van behoeftes, noodsaaklike werke vertraag word of op die lange baan geskuif word. Om 'n ander voorbeeld te gebruik: 'n departementshoof mag, omdat hy 'n volwaardige bestuurder wil wees, positief optree om sy departement op rasionele grondslag te organiseer, 'n duidelike beeld te vorm van die posvereistes vir die verskillende funksionarisse en daarna te trag om geskikte persone te vind om hierdie poste te beklee, terwyl hy in die praktyk bevind dat ander, nie tersaaklike oorwegings geld by die aanstelling van 'n minder geskikte persoon in die onderhewige betrekking.

**2.9** Net om sake vir die munisipale bestuur verder te bemoeilik (voordat daar met 'n bepaalde noodsaaklike werk of skema 'n aanvang gemaak kan word), moet daar, omdat leningsfondse by die saak betrokke is, 'n aansienlike hoeveelheid papierwerk verrig word om 'n goedkeuring van hoër gesag te kry, welke goedkeuring vir die meeste gevalle vanselfsprekend is. Daar moet dus noodwendig tussen die beplanningstadium en die uitvoeringstadium van so 'n projek gesloer word.

**2.10** Ten spyte van die verskillende frustrasies en probleme van die munisipale bestuurder, waarvan bostaande slegs enkele voorbeelde is, bly dit onteenseglik 'n feit dat **die volwaardige bestuurder homself betyds na omstandighede skik en deur middel van tydige optrede soveel moontlik van die nadelige gevolge van sulke belemmerende faktore teenwerk.** Daarteenoor bevind die amateur bestuurder homself in 'n posisie waar hy blykbaar nie veel meer kan vermag as om steeds sy lot te bekla nie. Dit is derhalwe lonend vir sowel die leidinggewende funksionaris, asook vir sy werkgewer, om 'n positiewe bestuursbenadering te handhaaf; 'n benadering wat nou in groter besonderhede ontleed sal word.

### 3. BEPLANNING VEREENVOUDIG GEKO-ORDINEERDE OPTREDE

**3.1 Inleiding:** Beplanning behels veel meer as blote planmakery. Trouens, planne word dikwels deur sommige persone beraam om onnodige of selfs skadelike dinge te doen. Beplanning met spesiale ver-

cial activities, embraces **the forecasting of future events** (population growth, change in living conditions, increase in the number of motor cars, advent of television) and needs (increase or decrease of power consumption for a particular purpose as a result of competitive products) **and the preparation of sound and effective plans of action for dealing with such events and needs when they manifest themselves.**

3.2 In particular planning embraces the following :

- (a) **The forecasting of events** by reference to known facts and tendencies. Examples of basic statistics that a municipal undertaking can collect and collate in an orderly manner are : progressive totals of water and light consumers (sub-divided into various categories) totals of water and electricity purchases and sales, progressive totals of living units (distinguishing between flats and houses) progressive totals of motor registrations (distinguishing between the various types of vehicle); progressive totals of the value of building plans approved (analysed into types of building and floor space in the case of factories and shops) number of residents (differentiating among the various racial groups); periodic traffic counts on main roads (indicating various types of vehicle origins and destinations); number of books on loan from city library (with analysis of various types of reader). It is, however, important that these data are not only collected but are statistically interpreted and that projections of future events such as population increase, consumption trends, etc. are made for the purpose of determining the needs in the near as well as of the distant future. These statistics furnish the basic facts upon which long range planning is based
- (b) **The creation of a framework of inter-related objectives** that can be achieved having due regard to limited means available. When population growth, consumption patterns, etc. have been determined by means of projections, one is in a position to ascertain whether or not existing facilities and services would satisfy future needs and if not, the extent of their deficiencies. In this manner one can ascertain which schemes should be embarked upon in order to satisfy future needs. In view of the fact that the means, to pay for those public facilities and services that make living conditions more and more pleasant, are always inadequate, a stage will be reached where priorities will have to be decided upon and the target dates set for the achievement for the various objectives may have to be changed accordingly. It may, for example, be decided that schemes for extending power or water supply or the construction of a main thoroughfare should take pre-

wysing na 'n munisipaliteit se bedrywighede behels **die voorskatting van toekomstige gebeure** (bevolkingsgroei, veranderde leefwyse, toename in getal motors, koms van beelradio, ens.) **en behoeftes** (toename of afname van kragverbruik vir bepaalde doeleindes as gevolg van mededingende produkte) **en die opstel van gesonde en effektiewe planne van aksie om daardie gebeure en behoeftes tegemoet te sien soos dit tevoorskyn tree.**

3.2 In die besonder behels beplanning dus :

- (a) **Die voorspelling van gebeure** aan die hand van bekende feite en tendense. Voorbeelde van basiese statistiek wat sonder veel moeite op gekoördineerde wyse deur 'n munisipale owerheid versamel en bygehou kan word, is: progressiewe totaal water- en kragverbruikers (onderskei in verskillende klasse), totale hoeveelheid krag en water aangekoop of verkoop, getal wooneenhede (onderskei tussen woonstelle en woonhuise), progressiewe totaal van motorregistrasies (onderskei tussen verskillende tipe voertuie); progressiewe totaal van die waarde van bouplanne goedgekeur (met ontleding wat aandui: tipe gebou en oppervlakte); getal inwoners (met aanduiding van rasse-groepe); periodieke vervoertellings op hoofpaaie (met ontleding van tipe voertuig); getal boeke uitgeleen deur stadsbiblioteek (met ontleding van tipe leser). Dit is egter belangrik dat hierdie getal-gewens nie net versamel word nie, maar statisties vertolk en so akkuraat moontlik in die toekoms in geprojekteer word ten einde aan die hand van sulke projeksies bevolkingstoename, gebruikspatrone, ens. vir die nabye sowel as vir die verre toekoms te kan bepaal. Sulke statistiek verstrek die basiese feite waarop voortuitbeplanning berus.
- (b) **Die daarstelling van 'n raamwerk van verbandhoudende doelwitte** wat bereik kan word met inagnome van beskikbare middele. Wanneer bevolkingsgroei, verbruikspatrone, ens. aan die hand van projeksies bepaal is, kan daar vasgestel word of bestaande geriewe, en dienste voldoende is om in toekomstige behoeftes te voorsien en indien nie die geval nie, in watter mate nie. Aldus kan vasgestel word watter skemas om van stapel te stuur ten einde aan die toekomstige behoeftes te kan voorsien. Aangesien middele altyd ontoereikend is om te betaal vir al daardie openbare geriewe en dienste wat lewensomstandighede steeds genotvoller moet maak, sal daar op bepaalde prioriteite besluit moet word en doeldatums vir die bereiking van sulke doelwitte die ooreenkomstig verskuif word. So mag daar besluit word dat skemas vir krag- en watervoorsiening of 'n hoofpadaanleg, voorrang bo die bou van 'n stadsteater moet geniet.

cedence over the building of a civic theatre.

- (c) **Programming of activities**, i.e. the arrangement of work in a logical sequence with a view to the most effective execution thereof. This obviates the unnecessary jumping from one project to another, thereby ensuring an even work flow as one project has been completed and another is commenced without the occurrence of preventable waste of labour, time and plant. Programming focuses the necessary concentrated attention on those projects which must be commenced immediately and obviates initial waste of time by staff attending to less important work.
- (d) **The scheduling of activities**, i.e. the arrangement of all activities that lead to the completion of a particular project in logical sequence. The work schedule indicates target dates for the completion of key activities, thereby facilitating control. Since most municipal projects are, broadly speaking, a repetition of similar projects executed in the past, it should not be difficult to complete a schedule of standard activities for such projects, as well as process work charts that indicate not only parallel work flow but also the confluence of such activities. These visual aids (work recipes) enable the leading functionaries to visualise the execution of the work in a local sequence without racking their brains, and, therefore, to take the necessary corrective action timeously ensuring that the means of production are utilized as effectively and economically as possible in achieving the desired objective. This prevents the work from coming to a standstill to determine the next step or to wait for materials to arrive on the job.
- (e) **The co-ordinating of plans** in order to provide a harmonious plan of action so that, whilst means are scarce, the desired results may be achieved under a given set of circumstances at the lowest possible cost. The marrying up of plans start with long range planning. There is obviously no sense in the City Electrical Engineer planning for the supply of power to new residential areas on the basis of a 5% increase per annum whilst the various service divisions of the City Engineer's Department (water and sewerage) are only planning for a 3% increase in the number of house connections. If the one department underestimates requirements whilst the other department overestimates growth, there must of necessity be a waste in the form of loan charges on unused capital works. In fact, when all departments plan for the future it is often possible for an electrician
- (c) **Die programmering van werksaamhede**, dit wil sê die rangskikking van werk in 'n logiese volgorde met die oog op die beste afhandeling daarvan ter bereiking van die einddoel. Dit voorkom dat daar onnodig rondgesping word van projek na projek, maar sorg dat die uitvoering van een projek met dié van 'n ander ineenvloei sonder voorkombare verkisting van arbeid, tyd en middele. Programmering vestig ook die nodige gekonsentreerde aandag op daardie werke wat dadelik 'n aanvang mee gemaak moet word en voorkom aanwanklike tydbesteding aan minder belangrike werke.
- (d) **Die skedulering van werksaamhede**, dit wil sê die rangskikking in logiese volgorde van alle aktiwiteite wat lei tot die afhandeling van 'n bepaalde werk. Die skedulering toon doeldatums wat aan die sleutelaktiwiteite toegeken is en aldus die kontrole daaroor vergemaklik. Aangesien die meeste munisipale projekte in breë trekke 'n herhaling is van dergelike projekte wat in die verlede afgehandel is, behoort dit redelik maklik te wees om 'n lys van standaard aktiwiteite vir eenderse projekte op te stel, asook werkprosekaarte wat die saamvloei en ineenvloeiing van aktiwiteite aandui. Sulke visuele hulpmiddels (werkresepte) stel die leidinggewende funksionarisse in staat om sonder veel breinwerk die afhandeling van 'n taak in logiese volgorde met 'n oogopslag raak te sien en van die staanspoor af die korrekte maatreëls betyds te tref dat arbeid en hulpmiddele effektief en spaarsaamig aangewend word om 'n bepaalde doelwit te verwesenlik. Dit voorkom dat werkverrigting kortkort tot stilstand kom omdat eers oor die volgende stap besluit moet word of dat daar op materiaal gewag word om die werk te kan voortset.
- (e) **Die koördineering van planne** om 'n harmonieuse plan van aksie daar te stel, sodat, terwyl middele skaars is, die gewenste resultate teen die laags moontlike koste onder bepaalde omstandighede behaal kan word. Die afstem van planne op mekaar begin reeds met langtermynbeplanning. Dit sou tog sinneloos wees vir die stadsselektrotreiese ingenieur om ten opsigte van nuwe woonbuurtes te beplan vir 'n woonbuurtuitbreiding van 5% per jaar, terwyl die stadsingenieur se verskillende diensafdelings (water en riolering) slegs beplan vir 'n 3% toename in die getal aansluitings. As die een departement onderbemaam terwyl die ander oorbemaam, moet daar verkisting wees in die vorm van leningskoste op onbenutte kapitaal-aanlegte. Trouens, wanneer elkeen van hierdie departemente betyds vooruit beplan, kan dit dikwels moontlik wees dat 'n elektriese kabelleiding

cal cable and water main serving a particular area to be laid in the same trench, without digging up a newly constructed tarred road in order to provide some or other service connection. In cases where several departments are sharing for example, pooled trucks, the Transport Superintendent is placed in a position to timeously arrange the rational utilisation of trucks thereby reducing the capital outlay of the Council on items of transport.

- (f) **The provision of funds**, whether through the municipal revenue and expenditure budget or by means of a loan programme, requires that the works and services to be supplied and the expenditure to be incurred in connection therewith, are at least determined annually in advance. The more accurate the programming and scheduling of the various projects are, the more accurate the financial planner can ascertain which funds will be spent during a particular period. Heads of departments can furnish reliable particulars of calculated expenditure for purposes of preparation of the budget which will then not be based on guesswork. The problem is often that although a head of a department may be in a position to state with reasonable accuracy **how much** a project will cost, he has not planned the execution of work with the same accuracy and is therefore, unable to state exactly **when** the expenditure will be incurred.
- (g) **The development of procedures** is necessary in order to ensure that the work as planned can be carried out without any hitch. By means of **work study** the best method for the execution of a particular type of work can be ascertained. Indeed, practical experience has taught most of us that one method of doing a thing is better than another. By making use of proven methods, standardising procedures and continually improving methods, increased efficiency in the execution of the work as planned becomes possible. The work itself is simplified as the plan of action and the procedures to be followed are known in greater detail to all concerned.
- (h) **Interpretation of policy decisions** must take place at an early stage so that the work does not come to a standstill as a result of some or other policy aspect which requires clarification. Policy decisions determine the conditions as well the circumstances under which the various jobs have to be carried out.

**3.3. Resume :** Viljoen "expresses himself as follows :

11. Viljoen, Prof. G. van N.: Speech in "Programmering vir Gekoördineerde Optrede" published in "Die Staatsampenaar", November, 1969.

en 'n waterpyp wat dieselfde gebied bedien, in dieselfde sloot geplaas word, om nie eers te praat van die opgraving van 'n pad kort na betering daarvan ten einde een of ander diensmiddel aan te lê nie. Wanneer verskillende departemente sekere hulpmiddele deel byvoorbeeld poelvrugmotors, stel dit die vervoersuperintendent in staat om betyds reëlings te tref vir die rasionele aanwending van sulke vrugmotors en vermindert dit die stadsraad se kapitale uitleg op vervoermiddele.

- (f) **Die voorsiening van fondse**, hetsy deur 'n munisipale inkomsteuitgawebegroting of 'n leningprogram, verg dat daar minstens jaarliks vooruit bepaal sal word welke werke of dienste voorsien behoort te word en welke uitgawe dit sal meebring. Hoe akkurater daar te werk gegaan is met die programmering en skedulering van die onderhawige projekte, hoe akkurater kan daar vasgestel word welke fondse binne 'n bepaalde tydperk bestee sal word. Dit maak dit derhalwe moontlik vir die departementshoofde om betroubare besonderhede van berekende uitgawes te verstrek en nie begroting, wat berus op raaiwerk, vir ooreweging aan hulle raad voor te lê nie. Die probleem is dikwels dat hoewel 'n departementshoof redelik akkuraat kan aandui **wat** 'n projek sal kos, hy nie deeglik genoeg vooruit beplan het om net so presies te kan sê **wanneer** die uitgawes aangegaan sal word nie.
- (g) **Die ontwikkeling van prosedures** is nodig om die werkverrigting wat goed beplan is, foutloos te laat verloop. Deur middel van **werkstudie** kan daar bepaal word wat die beste metode is om 'n bepaalde soort werk te verrig. Selfs die praktyk het die meeste van ons al geleer dat een metode beter as 'n ander is. Deur steeds op beproefde metodes voort te bou, daarop te standaardiseer en te verbeter, kan groter doeltreffendheid van beplande werkverrigting in die hand gewerk word. Dit vereenvoudig ook die werk wanneer almal bewus is van die plan van aksie en die prosedures wat gevolg moet word by die uitvoering daarvan.
- (h) **Die maak en vertolkting van beleidsvoorskrifte** in 'n vroeë stadium voorkom dat werkverrigting sloer of tot stilstand kom as gevolg van onduidelikheid omtrent een of ander beleidsaspek. Beleidsvoorskrifte bepaal die voorwaardes waaronder en die omstandighede waarin take verrig sal word.

**3.3 Opsomming :** Viljoen<sup>11</sup> druk homself soos volg uit :

11. Viljoen, prof. G. van N.: Toespraak oor „Programmering vir Gekoördineerde Optrede“ gepubliseer in „Die Staatsampenaar“, November 1969.

„Die harde werker, die oortydwerker, op lae en op hoë vlak, is nie altyd 'n verstandige werker nie. Die man wat sy lessenaar en sy lêers vir hom sy werk laat dikteer, weet meesal nie waarheen of waarom dit gaan nie. Hy verwaarloos die hoë plig om soms rustig terug te sit en te dink: die plig om **globaal** te dink deur die geheel van sy aktiwiteitsterrein te oorskou en om weer helder te formuleer presies waarheen en waarom dit alles gaan; en ook **analities** te dink deur al die elemente van die ketting van aktiwiteite te identifiseer en te ontleed, hulle noodsaaklikheid en hulle onderlinge samehang weer krities te beproef en hulle dan deur programmering rasioneel te orden. Dan kan hy weer aan die werk spring, maar nou volgens 'n meesterplan.”

#### 4. CO-ORDINATED ORGANISING.

**4.1 Introduction:** This element of management requires the arrangement of the work (the various jobs to one another) as well as the placing of workers in that work relationship which will be conducive to the most effective execution of the work. Dale<sup>12</sup> points out that in the world of today organisations of any size are in fact bureaucracies (government by means of bureaus or offices).

„That is, they have hierarchies of officials, each chosen for his supposed expertise in some phase of the work, and a man or a group of men at the top charged with co-ordination of the entire effort, plus some impersonal rules. They are not necessarily bureaucratic, however, in the sense that they are bogged down by the red tape”.

An organisation can best be depicted by means of an organisation chart indicating diagrammatically the status, role and function of each worker. The organisation chart is, therefore, elucidated by means of a job description for each functionary indicating the objective of his post, his duties and responsibilities, his liaison with other functionaries and the requirements that he must comply with.

#### 4.2 Organising, therefore, embraces —

- (a) **The design of a sound organisational structure,** that is, the identification of the work to be carried out in order to achieve given objectives, the grouping and co-ordinating of work in such a manner that well-balanced organisational units are formed, whilst entrusting to each functionary those responsibilities that are necessary to achieve the specified objectives without there being any overlapping of responsibilities or there being a function which has not been entrusted to someone.
- (b) **The delegation of authority commensurate with responsibilities.** Leading functionaries are often

„Die harde werker, die oortydwerker, op lae en op hoë vlak, is nie altyd 'n verstandige werker nie. Die man wat sy lessenaar en sy lêers vir hom sy werk laat dikteer, weet meesal nie waarheen of waarom dit gaan nie. Hy verwaarloos die hoë plig om soms rustig terug te sit en te dink: die plig om **globaal** te dink deur die geheel van sy aktiwiteitsterrein te oorskou en om weer helder te formuleer presies waarheen en waarom dit alles gaan; om ook **analities** te dink deur al die elemente van die ketting van aktiwiteite te identifiseer en te ontleed, hulle noodsaaklikheid en hulle onderlinge samehang weer krities te beproef en hulle dan deur programmering rasioneel te orden. Dan kan hy weer aan die werk spring maar nou volgens 'n meesterplan . . .”

#### GEKO-ORDINEERDE ORGANISERING

**4.1 Inleiding:** Hierdie element van bestuur verg die rangskikking van die werk (die in verband bring van take met mekaar), asmede die plasing van werkers in daardie onderlinge werksverband wat die meeste bevorderlik vir doeltreffende werkverrigting is. Dale<sup>12</sup> wys daarop dat in die moderne wêreld die meeste organisasies van enige grootte in werklikheid burokrasieë (regering deur middel van buro's of kantore) is.

„That is, they have hierarchies of officials, each chosen for his supposed expertise in some phase of the work, and a man or a group of men at the top charged with co-ordination of the entire effort, plus some impersonal rules. They are not necessarily bureaucratic, however, in the sense that they are bogged down by red tape.”

'n Organisasie word die beste deur middel van 'n organisasiekaart voorgestel wat die status, rol en funksie van die verskillende werkers diagrammaties poggend voor te stel. Verdere lig op die organisasiekaart word gewerp deur middel van 'n taakbeskrywing vir elke funksionaris wat aandui: doelwit van sy pos, pligte en verantwoordelikhede, skakeling met ander funksionarisse, vereistes gestel vir die bekleër van die pos.

#### 4.2 Organiserings behels derhalwe:


- (a) **Die ontwerp van 'n gesonde organisatoriese struktuur,** dit wil sê die identifisering van die werk wat gedoen moet word om gegewe doelwitte te verwesenlik, die groepering en koördinerende van werk om goedgebalanseerde organisatoriese eenhede te vorm terwyl in elke afdeling ingeword word daardie verantwoordelikhede wat nodig is om gemelde doelwitte te bereik sonder dat werksaamhede mekaar oorvleuel of dat sommige take niemand se verantwoordelikhede is nie.
- (b) **Die delegering van gesag in ooreenstemming met verantwoordelikhede.** Dit is geen ongewone ver-

12. Dale, E.: Op. cit. p. 184.

12. Dale, E.: Op. cit., p. 184.

# Sluit aan by die kragspan.

## Maak 'n EVKOM-LOOPBAAN U sweefspoor na die top.



Evkom beteken elektrisiteit en elektrisiteit beteken krag — krag vir vooruitgang, krag om uit te styg. Wat ook al u aanleg en belangstelling, Evkom sal u oplei vir die hoogste sukses en geluk.

#### Van VAKLEERING

wat vandag by Evkom móre se vakman is. Ons betaal topsalarisse en ons opleiding in moderne werkwinkels is die allerbeste.

#### Tot VAKMAN

wat by Evkom 'n goeie tuiste vind: elektrisiëns, ankerwikkelaars, passers en draaiers, elektrotegniese passers, ketelmakers, modelmakers, swisers, takelaars, grofsmede, loodgieters en skrymwerkers.

#### Tot INGENIEURASSISTENT

met N.T.S. IV, om Ingenieurs te help met projekbeheer, die opstel van tenderaanvragings, beoordeling van tenders, tegniese korespondensie, toetsing oor die opstel van tekeninge.

#### Tot TEGNIKUS

die onontbeerlike regterhand vir Ingenieurs in enigiens

#### van die volgende vakrigtings:

Werktuigkundige Ingenieurswese, Elektrotegniese Ingenieurswese, Elektroniese Ingenieurswese, Skeikunde, Landmeetkunde. Help met die beplanning, ontwerp, bou en bestuur van moderne kragstasies en landswee distribusiestelsels; navorsingswerk in laboratoriums en toetsentrums.

Evkom bied ruim studie- en opleidingsgeleenthede vir die man wat nog verder boontoe wil beur. Sluit aan by die KRAGSPAN en

deel in die talle voordele van Suid-Afrika se kragreus.

\* Topsalarisse \* Jaar- en vakansiebonus \* Ruim vakansie- en siekteverlof \* Verhogings vir uitstekende prestasies en lang diens \* Vyfdagweek \* Mediese hulpfonds \* Pensioenfonds \* Huisselings teen lae rentekoerse.

Doen navraag by:  
Die Personeelbestuurder,  
Posbus 1091,  
Johannesburg.



loathe to delegate some of their responsibilities and those that do delegate often sin by keeping all authority to themselves. Their sub-ordinates must, therefore, ensure that everything goes according to plan but are, due to lack of authority, unable to take the necessary action to ensure that this will be the case. Leading functionaries, therefore, find it easier to delegate **responsibility** without delegating **authority**. The view taken by Josephs<sup>13</sup> is: "It's not what an executive does that matters, it's what gets done". He has good advice for the person who finds it difficult to delegate; he advises him to first take stock of the situation and to decide which functions he must of necessity carry out himself and thereafter delegate some of his responsibilities and authority to his subordinates bit by bit. There is, however, a danger that too many responsibilities and too much authority may be delegated to merely a few exceptional subordinates. This is a mistake. Josephs points out that: "The principle of delegation is to spread the work, so beware of piling it all on a few bright, eager ambitious assistants". Successful delegation is, therefore, based upon confidence, interest in the progress of subordinates and good communication. According to Humble<sup>14</sup> the following requirements must be complied with from the point of view of the subordinate manager:

- ♦ say what is expected of me;
- ♦ give me an opportunity;
- ♦ tell me how I get on;
- ♦ give me guidance where necessary;
- ♦ pay me according to my contribution.

6.2 Met die oog op die oorlangse uitsetting wat met 'n styging van die temperatuur gepaard gaan en wat veroorsaak dat die punte van die geleiers die laskaste binnedring en verbuiging veroorsaak, word aanvaar dat die uitsettingskoeffisiënt van aluminium 34 persent hoër is as dié van koper. Dit mag skynbaar die kortsluitingseienskappe van aluminium in 'n swak lig stel, dog dit wys nog nie die volle prentjie nie. Aangesien die geleiers nie vry is nie, dog onder beperkings verkeer, is dit nodig dat rekening gehou word met die elastisiteitsmodulus ten einde die relatiewe kragte wat vrygestel word, te bepaal. Om dit eenvoudig te stel, kan hierdie kragte beskou word as proporsioneel tot die produk van die uitsettingskoeffisiënt en die elastisiteitsmodulus. Die elastisiteitsmodulus van aluminium is slegs 58% van dié van koper en hierdie verskil weeg op teen die hoër uitsettingskoers van aluminium.

6.3 Die kortsluitingsaanslag van 'n aluminiumkabel is ongeveer 64% van dié van 'n koperkabel van dieselfde grootte en vir 'n aluminiumkabel met 'n soortgelyke weerstand as 'n koperkabel kan die kortsluitingsaanslag as dieffelde in elke geval beskou word.

In tabel 2 word vergelykende besonderhede van die kortsluitingsaanslae en veilige barsstrome vir sowel aluminium- as koperkabels aangegee. In die geval van afgeskermd kabel is die syfers wat ten opsigte van die veilige barsstrome aangegee word, dié vir ongepanserde kabel, aangesien dit die enigste is wat beskikbaar is. In die geval van gepanserde kabel kan die ooreenstemmende waardes hoër wees.

TABEL 2

Die 11kV-distribusiestelsel in Kaapstad maak gebruik van sowel gord- as afgeskermd kabel, met die 11kV-nulgeleier by elke verlagingsstasie deur middel van 'n 800 of 1600-ampere weerstand geaard. Die kleinste grootte 11kV-kabel wat baie jare gelede geïnstalleer is, was 0,022 5 vk. dm. kopergeleier met gordkonstruksie en, ten spyte van die feit dat die kortsluitingsvermoë van die stelsel serdertdien tot ongeveer 250 MVA (12,50 kilo-ampere) gestyg het, het daar geen skade aan enige kabel wat aan kortsluitings-toestande te wyte is, voorgekom nie, alhoewel daar rede tot kommer mag bestaan as ons na die kortsluitingsaanslagtable verwys.

Kortsluitingsaanslae word gebaseer op die veronderstelling dat die kortsluiting plaasvind wanneer die geleier by sy maksimum-werktemperatuur is en dat die kortsluitingstroom solank as wat, dit duur, konstant by instede daarvan om te val, soos wat

circuit ratings of both copper and aluminium cables therefore tend in actual operation to be on the conservative side.

## 7. TYPES OF ALUMINIUM DISTRIBUTION CABLE

### 7.1 General :

Aluminium is very much more ductile than copper and it is practicable to use conductors of solid as well as stranded aluminium. The use of solid conductor with PVC insulation results in a more compact and a corresponding cost saving which in certain sizes can be considerable; for instance there is an approximate 14% saving by using solid instead of stranded conductor for 0,04 sq. in. two core medium voltage cable.

Solid aluminium conductors cannot be pre-spliced to reduce mechanical stress during the laying up process, and are not used for 11kV cables where the integrity of the dielectric is more important than for medium voltage cables. In addition the short circuit rating of a solid conductor paper insulated cable is lower than that of a stranded one.

### 7.2 South African Standards :

Until recently the use of aluminium as a cable conductor was covered only by the South African Bureau of Standards Specification No. 97-1967 for paper insulated cable. The new metrication standard for PVC insulated cable, SABS 150-1970, now provides for both stranded and solid aluminium conductors as well as concentric neutral cable with copper conductors only.

### 7.3 Medium Voltage 4 Core Cables :

The four core solid aluminium conductor cables to SABS 150-1970 are PVC insulated with an extruded PVC bedding, single galvanised steel wire armour and an extruded PVC sheath. There are two variations of this construction used in Great Britain and the continent.

One employs a helically lapped PVC tape bedding with aluminium strip armour and PVC sheath. In this design the bedding and armouring operations can take place in one run through the machines, which results in a cheaper cable than the conventional SABS design. The rival merits of wire armour as against aluminium strip armour are sometimes hotly debated, but in the author's opinion, these are of technical interest only. The armour is fundamentally meant to protect the cable

gewoonlik die geval is. Die kortsluitingsaanslae van sowel koper- as aluminiumkabels is dus onder werklike werksomstandighede geneig om aan die konserwatiewe kant te wees.

## 7. Tipes ALUMINIUM-DISTRIBUSIEKABEL

### 7.1 Algemeen :

Aluminium is baie meer rekbaar as koper en dit is prakties moontlik om geleiers van sowel soliede as gevlegte aluminium te gebruik. Die gebruik van 'n soliede geleier met PVC-isolasie het tot gevolg 'n meer kompakte kabel en 'n ooreenstemmende kostebesparing, wat in sommige gevalle nogal aansienlik kan wees; daar is bv. 'n besparing van ongeveer 14% deur die gebruik van 'n soliede in plaas van 'n gevlegte geleier vir 'n 0,04 vk. dm., twee-aar mediumspanningsgeleier.

Soliede aluminiumgeleiers kan nie vooraf spiraalvormig gedraai word om meganiese streming gedurende die opbouproses te verminder nie, en hulle word nie vir 11kV-kabels gebruik waar die integriteit van die dielektrikum meer belangrik is as by mediumspanningskabels nie. Boonop is die kortsluitingsaanslag van 'n papiergeïsoleerde kabel met 'n soliede geleier laer as dié van een met 'n gevlegte geleier.

### 7.2 Suid-Afrikaanse Standaarde :

Tot onlangs is die gebruik van aluminium as 'n kabelgeleier slegs deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde se spesifikasie nr. 97-1967 vir papier-geïsoleerde kabels gedek. Die nuwe gemetriseerde standaard vir PVC-geïsoleerde kabel, SABS 150-1970, maak egter nou voorsiening vir sowel gevlegte as soliede aluminiumgeleiers sowel as vir konsentriese neutrale kabels met slegs kopergeleiers.

### 7.3 4-aar-kabels vir mediumspanning :

Die 4-aar soliede aluminiumgeleierkabels wat aan SABS-spesifikasie nr. 150-1970 voldoen, is PVC-geïsoleer met 'n deurgeperste PVC-onderlaag, 'n enkele galvalvaniseerde staaldraadpantsering en 'n deurgeperste PVC-omhulsel. Daar is twee variasies van hierdie konstruksie wat in Groot-Brittanje en die Vasteland gebruik word.

Een maak gebruik van 'n onderlaag van helies-gedraaide PVC-band, gepantser met aluminiumstroke en 'n omhulsel van PVC buiteom. In hierdie ontwerp kan die onderlaag en die pantsering gedurende één lopie deur die masjiene aangebring word, wat 'n goedkoper kabel tot gevolg het as die konvensionele SABS-ontwerp. Die onderskeie voordele van draadbewapening soos vergeleke by pantsering van aluminiumband lok soms warm bespreking uit, dog, na die skrywer

against damage during installation and both strip or wire will be of very limited, if any assistance, against a direct blow from a pick of other mechanical device.

A second design employs the use of three PVC insulated solid aluminium conductors with a round aluminium neutral conductor with an extruded lead covering, the four conductors, being armoured with two corrosion protected steel tapes with a PVC sheath overall.

#### 7.4 Concentric neutral cables :

On protective multiple earthing (PME) systems the consumers earth is connected to the earthed neutral of the distribution system, and no independent cable earth connection is required. This has focused attention, both in South Africa and overseas, on the saving in medium voltage cable costs that could be achieved by employing a concentric neutral which would also act as an armour or sheath. The conductivity of such a neutral must of necessity be high, thus restricting the metal used to either copper or aluminium.

For PVC insulated cables, copper wire either in conventional lay or wavecon formation could readily be employed for the concentric neutral, but the use of aluminium strip or wire is influenced by the dangers of corrosion should the outer PVC sheath be damaged.

The problem of the corrosion of exposed aluminium in underground installations is a complicated one, but depends mainly on the galvanic chemistry of the soil. This can lead to inconsistent results. The aluminium armoured wires of 33kV cables laid across a tidal estuary in Northern Ireland were in almost perfect condition after 29 years of service, even though the hessian covering over the wire had virtually disappeared and the cables were exposed to the air daily at low tide. On the other hand, there have been instances when aluminium wire or strip concentric neutrals have corroded away to powder within a year of installation, due to the ingress of water through a perforation of the PVC sheath.

It is widely accepted that in the event of the conventional extruded PVC anti-corrosive sheath over an aluminium strip or wire concentric neutral being punctured, moisture can readily migrate along the strips/wires and by corrosion cause the

se mening, is hierdie oorwegings van bloot tegniese belang. Die fundamentele doel van die pantsering is om die kabel teen skade tydens installasie te beskerm en sowel draad- as bandpantsering sal baie beperkte, indien enige, beskerming bied teen 'n direkte hou van 'n pik of enige ander meganiese toestel.

'n Tweede ontwerp maak gebruik van drie soliede aluminiumgeleiers wat met PVC geïsoleer is, tesame met 'n ronde nul-geleier van aluminium met 'n deurgeperste loodomhulsel, terwyl alhier die geleiers met twee verweringsbestande staalbande gepantser en buite-om met 'n PVC-omhulsel bedek is.

#### 7.4 Kables met Konsentriese nulgeleiers :

In stelsels met beskermde veelvoudige aarding word die verbruiker se aardgeleiding aan die geaarde nulgeleier van die distribusiestelsel gekoppel, en geen onafhanklike kabel-aardkonneksie is gevolglik nodig nie. Dit het die aandag, sowel in S.A. as oorsee, gevestig op die besparing wat in die koste van mediumsenningskabel tweeweggebring kan word deur gebruik te maak van 'n konsentriese nulgeleier wat ook as pantsering of omhulsel kan dien. Die geleibaarheid van so 'n nulgeleier moet noodwendig hoog wees, met die gevolg dat die materiaal wat gebruik kan word, tot óf koper óf aluminium beperk is.

In die geval van PVC-geïsoleerde kables sal koperdraad, óf op die konvensionele wyse gelê óf in gegolfde formasie, gereedlik vir die konsentriese nulgeleier gebruik kan word, maar die gebruik van aluminiumband of -draad sal beïnvloed word deur die gevaar van verwering indien die buitenste PVC-omhulsel beskadig sou word.

Die probleem van die verwerking van ontblote aluminium in ondergrondse installasies is gekompliseerd, dog dit hang hoofsaaklik van die galvaniese chemie van die grond af. Dit kan inkonsekwente resultate tot gevolg hê. Die aluminium-pantserderade van 33kV-kables wat oor 'n vloedmunding in Noord-Ierland gelê is, was na 29 jaar diens nog in 'n byna perfekte toestand, alhoewel die going-omhulsel van die drade feitlik verdwyn het en die kables tweekeer per dag by laagwater aan die lug blootgestel is. Aan die ander kant het daar gevalle voorgekom waar konsentriese nulgeleiers van aluminiumdraad of -band binne 'n jaar na installasie tot poeier verweer het, weens die binnedringing van water deur 'n perforasie in die PVC-omhulsel.

Daar word algemeen aanvaar dat, indien daar 'n lekplek in die konvensionele deurgeperste, anti-verweringsomhulsel van PVC óm 'n nulgeleier van aluminiumband of -draad sou voorkom, die voligheid gereedlik langs die band of draad

loss of the neutral and earth concentric conductor. For this reason it is the custom in France to use for the concentric neutral, aluminium wires embedded in a soft uncured rubber bedding, into which the wires partially sink. In Germany it is considered that the requirement for good contact between the concentric wires and contact tape is incompatible with having the wires and contact tape properly protected against corrosion, and the use of an aluminium concentric neutral conductor is therefore specifically outlawed in Germany. Apart from an experimental PVC sheathed concentric neutral installation at Worcester some nine years ago, this type of cable construction using an aluminium wire or strip neutral is not accepted by the Area Boards in Great Britain.

As far as paper insulated concentric neutral cable is concerned, designs having three paper insulated solid or stranded aluminium cores and an extruded aluminium sheath concentric neutral have been in successful operation for some time. This type of cable called CONSAC in Great Britain, has solid aluminium conductors and a PVC over-sheath extruded over a corrosion inhibiting compound covering and is approximately 30% cheaper than a 4 core lead sheathed aluminium conductor cable of conventional design. The German counterpart normally has stranded conductors and an anti-corrosion protection consisting of bitumen compound covered with polyisobutylene tapes longitudinally applied underneath an extruded PVC sheath.

While it can be argued that an extruded aluminium sheath is also liable to corrosion in the event of external damage to the anti-corrosion sheath, the compound over the aluminium prevents the migration of moisture along the cable sheath and the corrosion effect is localised. If such corrosion of the sheath takes place moisture can enter through pin holes in the sheath, into the cable core(s) which being paper insulated and sensitive to moisture, fails to safety. This failure mechanism does not occur when the cable has plastic or elastomeric insulation which is not sensitive to water. In this case the fault is not noticed and partial or complete corrosion of the concentric neutral can occur.

kan deurdring en deur verwerking die verlies van die konsentriese nul- en aardgeleier kan veroorsaak. Om hierdie rede word daar in Frankryk vir die konsentriese nulgeleier gebruik gemaak van aluminiumdrade wat in 'n sagte, ongevulkaniseerde rubber-onderlaag ingelê is, sodat die drade gedeeltelik in die rubber wegsink. In Duitsland word die mening gehuldig dat dit nie moontlik is om die drade en die kontakband doeltreffend teen verwerking te beskerm en nogtans die gewenste goeie kontak tussen die konsentriese drade en die kontakband te behou nie, en die gebruik van 'n konsentriese nulgeleier van aluminium word gevolglik in Duitsland uitdruklik by wetgewing verbied. Behalwe vir 'n eksperimentele installasie van PVC-omhulde konsentriese nulgeleier te Worcester ongeveer nege jaar gelede, word hierdie tipe kabelkonstruksie wat van 'n nulgeleier van aluminiumdraad of -lint gebruik maak, ook nie deur die Gebiedsrade in Groot-Brittanje aanvaar nie.

Sover dit papier-geïsoleerde kables met konsentriese nulgeleiers aanbetref, is ontwerp met drie papier-geïsoleerde, soliede of gevlegte aluminium-are en 'n konsentriese nulgeleier met 'n deurgeperse aluminiumomhulsel, reeds geruime tyd met sukses in gebruik. Hierdie soort kabel, wat in Groot-Brittanje CONSAC genoem word, bestaan uit soliede aluminiumgeleiers en 'n PVC-omhulsel wat oor 'n verwerkingstremmende seël-mengselbedekking deurgepers is, en is ongeveer 40% goedkoper as 'n 4-aarkabel met lood-omhulde aluminiumgeleiers en 'n konvensionele ontwerp. Die Duitse teenhanger hiervan bestaan normaalweg uit gevlegde geleiers en beskerming teen verwerking bestaande uit 'n bitumenmengsel, gedek met poli-isobutileen-bande wat oorlangs aangebring en met 'n deurgeperse PVC-omhulsel bedek is.

Terwyl daar geargumenteer kan word dat 'n deurgeperse aluminium-omhulsel ook aan verwerking blootgestel sal word indien die anti-verweringsomhulsel van buite af beskuldig sou word, is dit tog so dat die mengsel oor die aluminium die deurdring van vog langs die kabelomhulsel verhoed en dat die verweringsuitwerking dan gelokaliseer is. Indien sodanige verwerking van die omhulsel plaasvind kan vog deur die klein gaatjies in die omhulsel binnedring tot binne-in die kabelkern, wat, omdat hulle papiergeïsoleer en dus gevoelig vir vog is, na-veiligheid deurbrand. Hierdie deurbrandmeganisme vind nie plaas wanneer die kabel plasties of elastomeries geïsoleer is nie, aangesien hierdie isolering nie vir water vatbaar is nie. In hierdie geval word die fout nie opgemerk nie en die gedeeltelike of algehele verwerking van die konsentriese nulgeleier kan dus voorkom.

## 8. JOINTING OF ALUMINIUM CONDUCTORS

At this stage it is opportune to survey the various means available for jointing aluminium conductors, all of which have to deal with a common problem, i.e. how to overcome the tenacious oxide film on the aluminium. The methods used are in the main, soldering, welding and compression.

### 8.1 Soldering

#### 8.1.1 Abrasion Soldering

In the abrasion soldering method, which uses no flux, the oxide layer is removed by friction. The conductor is heated until a stick of abrasion solder held against it begins to melt. Abrasion solder is a tin-zinc alloy, and rubbing the conductor with the solder stick causes zinc particles, which melt less readily than the bulk of the solder, to abrade the oxide film thus enabling the aluminium underneath the solder blanket to become tinned. It is important that the solder should be heated indirectly and not by the flame. After tinning a conventional tin-lead solder can be used to complete the jointing process.

Abrasion soldering is particularly suitable for solid aluminium conductors; in the case of stranded conductors, it is a painstaking job to effectively tin each individual strand, though this method is used.

#### 8.1.2 Soldering fluxes, general

For all other methods of soldering, whether on copper or aluminium conductors, the use of a flux is essential. In order to enable the solder to alloy with the metal which has to be joined, both the molten solder and the joint surface must be free from dirt or oxide, and it is the function of the flux to clean the joint before soldering and to protect it from oxidation while soldering is in progress.

The normal fluxes used for copper cable are unsuitable for use with aluminium and it was only after special fluxes for aluminium jointing had been successfully developed that the prejudice against aluminium conductor cable began to wane in many countries.

There are two basic types of flux used for jointing aluminium viz. organic and inorganic (reaction). Organic fluxes are normally liquid compounds of the amine/fluorine type which decompose at approximately 250°C to affect loosening and removal of the oxide film, and to assist the spreading of the molten solder, which immediately tins the de-oxidised surface.

## 8 DIE LAS VAN ALUMINIUMGELEIERS

Dit is in hierdie stadium gepas om 'n oorsig te gee van die verskillende beskikbare metodes om aluminiumgeleiers te las, welke metodes almal met 'n gemeenskaplike probleem te kampe het, nl. hoe om die taai oksiedfilm op die aluminium te bowe te kom. Die metodes wat gebruik word, is hoofsaaklik soldering, sweising en saampersing.

### 8.1 Soldering :

#### 8.1.1 Skuursoldering :

In die skuursolderingsmetode, waar geen vloei-middel gebruik word nie, word die oksiedlaag deur middel van wrywing verwyder. Die geleier word verhit totdat 'n staaf skuursoldeerseel wat daarteen gehou word, begin smelt. Skuursoldeerseel is 'n tin-sink-allooi en wanneer die soldeerstaaf teen die geleier gevryf word, veroorsaak dit dat klein deeltjies sink, wat minder gereedlik smelt as die grootste gedeelte van die soldeerseel, die oksiedfilm wegskuur, met die gevolg dat die aluminium onder die laag soldeerseel vertin word. Dit is belangrik dat die soldeerseel indirek verhit moet word en nie deur die vlam nie. Na vertinning kan 'n konvensionele tin-lood-soldeerseel gebruik word om die lasproses te voltooi.

Skuursoldering is besonder geskik vir soliede aluminiumgeleiers. In die geval van gevlegde geleiers is dit 'n nougesette taak om elke afsonderlike draadjie doeltreffend te vertin, dog hierdie metode word nogtans gebruik.

#### 8.1.2 Soldeervloei-middels, algemeen :

Vir alle ander soldeermetodes, hetsy op koper of aluminiumgeleiers, is die gebruik van 'n vloei-middel noodsaaklik. Ten einde die soldeerseel in staat te stel om 'n allooi te vorm met die materiaal wat gelas moet word, moet sowel die gesmelte soldeerseel as die lasoppervlakte vry wees van enige vuiligheid of oksied, en dit is die taak van die vloei-middel om die lasplek vóór soldering skoon te maak en om dit teen oksidasie te beskerm terwyl die soldeerproses aan die gang is.

Die normale vloei-middels wat vir koperkabel gebruik word, is ongeskik vir gebruik met aluminium, en dit was eers nadat spesiale vloei-middels vir die las van aluminium met sukses ontwikkel is, dat die vooroordeel teen kabels met aluminiumgeleiers in baie lande begin afneem het.

Daar is twee basiese soorte vloei-middels wat vir die las van aluminium gebruik word, nl. organies en onorganieses (reaksie). Organiese vloei-middels is gewoonlik vloei-bare samestellings van die amino/fluoried-tipe wat teen ongeveer 250°C begin ontbind en die oksiedfilm losmaak en verwyder en die verspreiding van die gesmelte soldeerseel aan help, waardeur die gedooksiede oppervlakte onmiddellik vertin word.



Inorganic or reaction fluxes are generally mixtures of chlorides of heavy metals such as tin, zinc, lead and cadmium. When applied to aluminium the salts react at temperatures between 250°C and 350°C to form aluminium halides, which effectively remove the oxide film. A secondary reaction then takes place whereby the heavy metals deposit and alloy with the oxide free aluminium surface.

### 8.1.3. Soldering with organic fluxes

In the case of organic fluxes, the jointing procedure for aluminium conductors is not dissimilar to that for copper, but more care and attention to detail are required. The following aspects of the jointing procedure must be carefully followed:—

- The wires of the stranded conductor must be opened in such a way that no two adjacent ends are touching, though full separation of wires is not required. The object of this is to ensure full penetration of the flux to the centre wires.
- Flux must not be applied to a cold conductor, which should be preheated by liberal basting with special molten solder, usually of a tin/lead/zinc alloy composition.
- The pot temperature must be within the correct working range recommended by the manufacturer, to ensure avoidance of the flux and consequently, poor tinning. This temperature range is between 300°C and 340°C.

For straight joints, standard copper weak-back ferrules are used and these must be pot tinned if not supplied in a tinned condition.

Up to a few years ago the flux used by the Area Boards of Great Britain had the drawback that physical contact with the flux and the fumes emitted by this flux could, in the case of a small number of the jointing establishment more allergic than others, cause dermatitis, eye trouble or respiratory disorders such as bronchitis over a period of time.

In 1968 a new flux, which has no toxic medical side effects, was developed by a leading British cable manufacturer, and since then another similar flux has come on the market.

### 8.1.4 Soldering with inorganic fluxes

While British practice favours aluminium

Anorganiese of reaksie-vloeimiddels is gewoonlik mengsels van die kloriedes van swaar metale soos tin, sink, lood en kadmium. Wanneer dit met aluminium in aanraking kom, reageer die soute teen temperature tussen 250°C en 350°C om aluminiumhalides te vorm, wat die oksiedfilm doeltreffend verwyder. Daarna vind 'n sekondêre reaksie plaas waardeur die swaarder metale neerslaan en 'n alloor met die oksiedvrye aluminium-opervlaktes vorm.

### 8.1.3 Soldering met organiese vloeimiddels:

In die geval van organiese vloeimiddels is die lasprosedure soortgelyk aan dié vir koper, dog meer sorg en meer aandag aan detail is nodig. Die volgende aspekte van die lasprosedure moet sorgvuldig in ag geneem word:

- Die drade van die gevlegde geleier moet op so 'n wyse oopgemaak word dat geen twee lamsmekaarliggende punte aan mekaar raak nie, alhoewel dit nie nodig is om die drade heeltemal van mekaar te skei nie. Die doel hiervan is om te verseker dat die vloeimiddel ten volle die binne drade deurdring.
- Die vloeimiddel moet nie aan 'n koue geleier aangebring word nie, dog laasgenoemde moet vooraf verwarm word deur 'n ruime bedruiping met spesiale gesmelte soldeersel, gewoonlik 'n samestelling van tin/lood/sink-alloor.
- Die kroestemperatuur moet binne die regte werksgrense, soos deur die vervaardiger aanbeveel, wees, ten einde die verkoring van die vloeimiddel en gevolglike swak vertinning te verhoed. Hierdie grense is gewoonlik tussen 300°C en 340°C.

Vir reguit lasse word standaard gekepte koperbeslagringe gebruik en hulle moet in die kroes vertin word as hulle nie in 'n vertinde toestand voorsien word nie.

Tot 'n paar jaar gelede het die vloeimiddel wat deur die Gebiedsrade in Groot-Brittanje gebruik is, die nadeel gehad dat fisiese aanraking van die vloeimiddel self of van die dampe wat daardeur vrygelaat word, in die geval van 'n klein aantal van die personeel wat meer allergies as die ander is, oor 'n lang tydperk dermatitis, oor-aandoeninge of asemhalings siektes soos bv. bronchitis, kon veroorsaak.

In 1968 is 'n nuwe vloeimiddel, wat geen toksiese mediese sy-effekte het nie, deur 'n voorraastande Britse kabelvervaardiger ontwikkel, en sedertdien het nog 'n ander soortgelyke vloeimiddel op die mark gekom.

### 8.1.4 Soldering met anorganiese vloeimiddels:

Terwyl daar in Brittanje in die praktyk voor-

soldering with an organic flux because of the somewhat lower temperatures obtained, soldering using an inorganic or reaction flux is used on the Continent. The latter method differs from the organic flux technique in that it is not a basting method. A solder stick is applied to the conductor inside the heated up ferrule after reaction of the flux has taken place; this is indicated by the emission of white fumes. Solders of the zinc-tin type with high flowability are normally used. This type of solder is difficult to wipe and it is usual to top up the ferrule with a low melting point "wiping" solder. In the absence of a basting action, flux residues and charred compound cannot be washed away, and it is therefore necessary to take certain precautions to avoid entrapment of these residues.

## 8.2 Welding

The welding of aluminium conductors has been carried out successfully for many years in Germany. A method used by one of the leading cable manufacturers is illustrated in Figure 3.




Figure 3 : Arrangement for aluminium welding.

The black iron welding mould, coated inside with diluted ingot mould, is suitably clamped around the conductors to be joined, and flame shields and cooling tongs fitted to the conductor on each side of the mould. The mould is heated by means of an oxy-acetylene welding torch until it glows red and aluminium rod thinly coated with flux is then melted into the mould. When cooled, the mould and other attachments are removed, the riser sawn off and the joint filed and smoothed.

keur gegee word aan aluminiumsoldering met 'n organiese vloeimiddel vanweë die ietwat laer temperatuur wat nodig is, word daar op die Vasteland gebruik gemaak van soldering met 'n anorganiese of reaksievloeimiddel. Laasgenoemde verskil van die organiese vloeimiddeltegning daarin dat dit nie 'n bedruipingsmetode is nie. Die soldeerstaaf word binne in die verwarmede beslagring aan die geleier aangebring nadat die reaksie van die vloeimiddel plaasgevind het: dit word deur die afgee van wit dampe aangedui. Soldeersels van die sink-tin-tipe met hoë vloeibaarheid word gewoonlik gebruik. Hierdie soort soldeersel is moeilik om te veeg en die beslagring word gewoonlik volgemaak met "afveeg"-soldeersel wat 'n lae smeltpunt het. In die afwesigheid van bedruiping kan vloeimiddelreste en verkoold mengseloortblyfselfs nie weggespoel word nie, en dit is gevolglik nodig om sekere voorsorgmaatreëls te tref om te verhoed hierdie reste in die soldeersel vasgevang word.

## 8.2 Sweising

Die sweising van aluminiumgeleiers word baie jare lank al met sukses in Duitsland uitgevoer. Die metode wat deur een van die vooraanstaande kabelvervaardigers toegepas word, word in Figuur 3 geïllustreer.

Die swart yster-sweisgietsvorm, van binne bedek met 'n verdunde blokvormsmeerlaag, word om die geleiers wat gelas moet word, vasgeklamp, en vlamskerms en verkoelingstange word aan weerskante van die gietvorm aan die geleier aangebring. Die gietvorm word deur middel van 'n oksiasietileenblaasvlam verhit totdat dit gloei, en dan word 'n aluminiumstaaf, met 'n dun laag vloeimiddel bedek, in die gietvorm gesmelt. Na afkoeling word die gietvorm en die ander aanhegtings verwyder,

The Sydney County Council has introduced a number of refinements to this basic method and excellent results, especially as regards heat limitation, have been obtained.

### 8.3 Compression

The successful use of compression jointing on copper conductors is well established, and it has been the ultimate aim of electrical engineers to extend this quick and easy method of jointing to aluminium conductors.

For the compression jointing of aluminium, an aluminium ferrule is used to ensure that the expansion and contraction characteristics of the ferrule and conductors are matched. When two aluminium surfaces are pressed together, the oxide film must be ruptured by the force of the meeting pressure points before intimate metal to metal joining takes place. When oxide film is removed by the inter-action of the surfaces during compression such that aluminium flows into the exposed spaces, contact areas are formed which can initially be stable and satisfactory.

The British Electricity Board's Report, A.C.E. Report No. 17 (1967), on the testing of connectors and terminations for aluminium conductors of insulated power cables, lays down the following acceptance criteria :—

- (i) The graph of connector resistance to number of cycles in the course of an accelerated duty test, shall demonstrate with reasonable probability that the rise of resistance over the last 1000 cycles of a series of 2000 load cycles is not more than 15% of the average resistance over the same period.
- (ii) Likewise, the connector resistance over the last 1000 cycles shall not exceed the conductor resistance by more than 50% or 5 micro ohms whichever is the greater.
- (iii) The connector temperature shall not exceed that of the conductor.
- (iv) The connector shall have a tensile strength of not less than 60% of the unjointed conductor.

For tests (i) to (iii) the load cycling is arranged so that the control conductor is raised to a temperature of at least 105°C above ambient.

There are numerous types and makes of compression jointing equipment for aluminium conductors, such as those employing circumferen-

die stygstuk afgesaag en die las word met 'n vyl afgewerk.

Die graafkapsraad van Sydney het 'n aantal verfyngs aan hierdie basiese metode aangebring en uitstekende resultate is behaal, veral sover dit die beperking van hitte betref.

### 8.3 Saampersing

Die suksesvolle gebruik van saampersinglasie by kopergeleiers is reeds goed gevestig, en dit was nog altyd die einddoel van elektrotegniese ingenieurs om hierdie vinnige en maklike las-metode ook op aluminiumgeleiers toe te pas.

Vir 'n saampersinglasie by aluminium word 'n aluminiumbeslagring gebruik, ten einde te verseker dat die uitsettings- en inkringingseienskappe van die beslagring en die geleier dieselfde is. Wanneer twee aluminium-oppervlaktes teen mekaar gedruk word, moet die oksiedfilm deur die krag van die twee ontmoetende drukpunte gebreek word voordat direkte metaal-tot-metaal-aansluiting kan plaasvind. Wanneer die oksiedfilm deur die interaksie van die oppervlaktes tydens saampersing dermate verwyder word dat aluminium in die ontblote ruimtes kan invloei, word kontakgebiede gevorm wat aanvanklik stabiel en bevredigend kan wees.

Die Britse Elektrisiteitsraad se verslag (A.C. E.-verslag nr. 17 van 1967) oor die toets van verbinders en afsluiters vir die aluminiumgeleiers van geïsoleerde kragkabels bepaal die volgende aanvaardingsmaatstawwe :—

- (i) Die grafiek van verbinderweerstand tot die aantal siklusse in die loop van 'n versnelde dienstoets moet met redelike waarskynlikheid aandui dat die verhoging van weerstand gedurende die laaste 1000 siklusse van 'n reeks van 2000 vrag siklusse nie meer as 15% van die gemiddelde weerstand oor dieselfde tydperk is nie.
- (ii) Eweneens moet die verbinderweerstand oor die laaste 1000 siklusse nie die geleierweerstand met meer as 50% of 5 mikro-ohms, watter een ookal die grootste is, oorskry nie.
- (iii) Die temperatuur van die verbinder moet nie dié van die geleier oorskry nie.
- (iv) Die verbinder moet 'n treksterkte van tenminste 60% van dié van die ongelaste geleier hê.

Vir toetse (i) tot (iii) word die vrag siklusse so gereël dat die kontrole geleier tot 'n temperatuur van tenminste 105°C bokant die omgewings-temperatuur verhit word.

Daar is 'n groot aantal tipes en fabrikate saampersinglasietoerusting vir aluminiumgeleiers, soos bv. dié wat gebruik maak van omtrek-of inkeep-

tial compression, indent compression either unrestricted or in an enclosed die, or wrap-around compression combined with indent using a die-less tool.

It is unfortunate that most of the load cycle tests completed on aluminium conductor compression joints have taken place in air under laboratory conditions and not in the form of complete joints buried in the ground. From tests and experience in Great Britain and Germany it is considered that compression ferruling of stranded aluminium in a buried compound filled joint is not satisfactory. Stranded aluminium connections which have successfully withstood the 2 000 cycle type test in air have failed after a few hundred cycles at normal conductor temperature when installed in a compound filled joint. The causes of the eventual thermal instability of such joints have not been fully analysed or understood, but this is partly attributed to the penetration of bitumen between the strands within the ferrule, causing relaxation of the aluminium with load cycling over the passage of time. Compression techniques for either stranded or solid medium voltage aluminium conductor terminations in air have, however, been found to be successful.

For solid aluminium PVC insulated cable, the consensus of opinion in Great Britain is that compression would be satisfactory for all joints, though this has not been field tested. The compression jointing of aluminium conductors is not used in Germany, but successful results are claimed in France.

Municipal electrical engineers and supply undertakings have to be conservative to a certain degree, and while there is no doubt that a well designed compression technique is suitable for aluminium conductor cables in industry, a certain measure of reserve should be attached to its indiscriminate use on an underground distribution system.

#### 8.4 Mechanical Jointing

There are a number of designs of mechanical tap connections for "tee" joints available for both stranded and solid aluminium conductors. These should preferably be spring-loaded. For CONSAC cable, i.e., three solid aluminium paper insulated cores and a concentric aluminium sheath neutral, an ingenious method of friction welding has been developed by the British Electricity Council Research Centre for tee jointing, which involves the friction welding of a bi-metal aluminium-copper stud to the solid aluminium core. An aluminium pin rotating at high speed is applied and causes

saampersing, óf onbeperk óf in 'n geslote matrys, óf omwikkelsaampersing gepaard met inkeping, waarby 'n matryslose gereedskapstuk gebruik word

Dit is ongelukkig dat meeste van die vragik-lustoets wat op die saampersingslaste van aluminiumgeleiers uitgevoer is, in die lug onder laboratoriumtoestande plaasgevind het, en nie in die vorm van voltooide lasse wat onder die grond begrawe is nie. Uit toetsen en ondervinding in Groot-Brittanje het geblyk dat beslagingsaampersingslaste van gevlegde aluminium in 'n mengselgevlude laskas wat ondergronds begrawe is, nie bevredigend is nie. Gevlegde aluminiumkon-neksies wat die 2000 siklustoets in die lug met sukses deurstaan het, het na 'n paar honderd sik-lusse teen normale gelieertemperatuur gefaal toe dit in 'n mengselgevlude laskas geïnstalleer is. Die oorsake van die uiteindelijke termiese onbestendigheid van sulke lasse is nog nooit ten volle geanaliseer of begryp nie, dog dit is deels te wyte aan die deurdringing van bitumen tot tussen die draadjies binne in die beslagring, wat 'n verslapping van die aluminium gedurende die kringloop-proses oor 'n langer tydperk tot gevolg het. Saampersingstegnieke vir óf gevlegde óf soliede aluminiumafsluiters vir medium-spanning in die lug is eger suksesvol bevind.

Vir soliede PVC-geïsoleerde aluminiumkabel word die mening algemeen in Groot-Brittanje gehuldig dat saampersing vir alle lasse bevredigend sal wees, alhoewel dit nog nie in die veld getoets is nie. Saampersingslaste by aluminiumgeleiers word nie in Duitsland gebruik nie, dog in Frankryk word daar op suksesvolle resultate aanspraak gemaak.

Munisipale elektrotegniese ingenieurs en voor-sienings-ondernemings moet in 'n sekere mate konserwatief wees, en terwyl daar geen twyfel bestaan dat 'n goedontwerpte saampersingstegniek geskik is vir aluminiumkabels in die nywerheid nie, moet daar tog sekere voorbehoude wees met betrekking tot die onoordeelkundige invoering daarvan in 'n ondergrondse distibusiëstelsel.

#### 8.4 Meganiese Lasse

Daar is 'n aantal ontwerpe beskikbaar ten opsigte van meganiese aftakingsverbindings vir "T"-lasse met betrekking tot sowel gevlegde as soliede aluminiumgeleiers. Hierdie verbindings moet by voorkeur veerbelaas wees. Vir CONSAC-kabel, dit wil sê drie soliede aluminium geleiers met papier geïsoleer en 'n konsentriese aluminium-omhulde nulgeleier, is 'n vindingryke metode van wrywingswulge deur die Britse Elektrisiteitsraad se navorsingsentrum vir "T"-verbindings ontwikkel, wat bestaan uit die vassweis van 'n tweemetallige aluminium-koper-kontakknop aan die soliede alu-

the metal to become plastic, at which stage a forging load is applied to the aluminium stud thus completing the welding action.

## 9. ECONOMICS

Up to this stage, the technical characteristics of aluminium cable have been examined, in the course of which it has been established that aluminium is an acceptable alternative to copper as a conductor. But what of the price structure?

The conductivity of an aluminium conductor is 61% and its thermal rating 78% of a similar sized copper conductor, and it is therefore necessary to compare prices of copper conductor cable with its larger sized aluminium equivalent.

As far as paper insulated cables are concerned the City of Cape Town has hitherto regarded the following aluminium sizes to be the copper equivalent of the standard sizes of cable used :

Cu sq. in.	Al sq. in.	Voltage
0,25	0,4	6,35/11 kV
0,1	0,15	..
0,06	0,1	..
0,3	0,5	600/1 000 volt
0,15	0,25	..

Towards the middle of 1968 when Cape Town issued specifications for its annual requirements for distribution cable, tenderers were requested to quote alternative prices for both copper and equivalent aluminium conductor paper and PVC insulated cable. Acceptance of the aluminium alternative resulted in an average saving of 20% for paper insulated cable and 16% for PVC insulated cable, the total saving amounting to R133 000.

Comparative curves of the early 1971 prices of equivalent copper and aluminium 11kV and 600/1 000 volt paper insulated cables are given in Figure 4 while Figure 5 represents these on a percentage basis.

minium-geleier. 'n Aluminiumpen wat teen 'n hoë snelheid in die rondte draai, word gebruik om die metaal sag te maak, waarna smeedrukking op die aluminiumknop toegepas word om die sweisaksie te voltooi.

## 9. EKONOMIESE ASPEKTE :

Tot in hierdie stadium het ons die tegniese eenskappe van aluminiumkabel ondersoek, en tydens hierdie ondersoek het ons vasgestel dat aluminium as 'n geleier 'n aanvaarbare plaasvervanger vir koper is. Maar wat ontrent die prysstruktuur ?

Die geleibaarheid van 'n aluminiumgeleier is 61% en sy termiese aanslag 78% van dié van 'n kopergeleier van die dieselfde grootte, en dit is gevolglik nodig om die pryse van kopergeleierkabel met sy groter aluminium-ekwivalent te vergelyk.

Sover dit papier-geïsoleerde kables betref, het die Stad Kaapstad tot dusver die volgende aluminium-groottes as die koper-ekwivalent van die standaard-kabelgroottes wat gebruik word, besou :—


Cu. vk. dm.	Al. vk. dm.	Spanning
0,25	0,4	6,35/11 KV
0,1	0,15	..
0,06	0,1	..
0,3	0,5	600/1 000 V
0,15	0,25	..

Teen die helfte van 1968, toe Kaapstad spesifikasies vir sy jaarlikse benodighede distribusiekabel uitgereik, het, is tendersaars versoek om alternatiewe pryse vir koper sowel as vir die ekwivalente groottes papier- en PVC-geïsoleerde aluminium-geleierkabel in te dien. Die aanname van die tenders vir aluminium het 'n gemiddelde besparing van 20% ten opsigte van papier- en 16% ten opsigte van P.V.C.-geïsoleerde kabel meegebring. Die totale besparing het sowat R133 000 beloop.

Vergelykende kurwes van die vroeë 1971-pryse van ekwivalente koper- en aluminiumkabel (papier-geïsoleer) van 11 Kv en 600/1 000 volt word in figuur 4 aangegee, terwyl figuur 5 dieselfde pryse, op 'n persentasiebasis bereken, aantoon.

3-CORE 6-35/11kV PILCDSTA BELTED CABLE, TO SABS 97/67.

(1)



4-CORE 600/1100 VOLT PILCDSTA CABLE, TO SABS 97/67.

(2)





FIG. 4 COMPARATIVE PRICES OF COPPER & ALUMINIUM CABLES.

PRICE OF EQUIVALENT ALUMINIUM CABLE  
AS PERCENTAGE OF COPPER CABLE.



COPPER PRICE BASIS PER LONG TON

FIG. 5. RELATIVE PERCENTAGE PRICES OF ALUMINIUM & COPPER CABLES.

At the copper prices that have been prevalent over recent years, the choice of aluminium as a conductor results in, at times, substantial savings especially at the larger conductor sizes.

## 10. CAPE TOWN'S EXPERIENCE WITH ALUMINIUM CABLE

### 10.1 Cable Types :

After an intensive investigation into the merits of aluminium conductor cable, Cape Town in 1968 went over to the use of this type of cable for 11 kV and low voltage distribution. Stranded aluminium was used for 11 kV and medium voltage paper insulated cable, while solid aluminium in sizes from 0,0225 sq. in. to 0,15 sq. in. was chosen for medium voltage PVC cable. Because of the fear of corrosion, three core PVC insulated cable with a concentric aluminium wire or strip neutral was not considered. Cables with an extruded aluminium sheath such as CONSAC, were also not considered, as South African cable makers are not equipped for their manufacture.

### 10.2 Jointing :

Of the aluminium jointing methods available, soldering using a non-toxic organic flux, Bical, was chosen as it was most akin to the solder basting method used by the Department's cable jointers for copper cables. After a certain amount of practising and ferrule testing, the jointers rapidly adapted themselves to the refinements of the new jointing procedure and no difficulties or joint failures due to soldering have so far been experienced. When aluminium cable is straight jointed to a smaller copper one, the copper conductor is built up to ensure a good fit into the weak-back ferrule, and the soldering procedure as for an all aluminium joint is carried out.

Due to doubts about its long lasting effectiveness, compression-jointing of compound filled stranded aluminium conductor joints or cable end boxes was rejected. The use of heat shrinkable gloves and tubing was introduced to replace pot-ends on paper insulated and solid aluminium PVC cable terminations. The gloves and tubing are fitted over the cable cores and sheath and then shrunk to approximately half their original size, to effect a tight fitting seal to the cable.

Even before changing over to aluminium cable it was felt that jointing techniques tended to be over elaborate, and a number of experimental

Bereken teen die prys van koper wat in die jongste jare geheers het, het die keuse van aluminium as geleier soms aansienlike besparings tot gevolg, veral by die groter geleiergroottes.

## 10. KAAPSTAD SE ONDERVINDING MET ALUMINIUMKABEL :

### 10.1 Tipes Kabel

Na 'n intensiewe ondersoek na die meriete van kabel met aluminiumgeleiers het Kaapstad in 1968 oorgeslaan na die gebruik van hierdie tipe kabel vir 11 KV en laagspanningsdistribusie. Gevlegte aluminium is vir 11 KV en vir mediumspanningskabel (papier-geïsoleer) gebruik, terwyl vir mediumspanningskabel (PVC-geïsoleer) soliede aluminium in groottes vanaf 0,0225 vk. dm: tot 0,15 vk. dm. gekies is. Vanweë die vrees vir verwerwing is drie-aar, PVC-geïsoleerde kabel met 'n konsentriese nulgeleier van aluminiumdraad of —band nie oorweeg nie. Kabels met 'n deurgeperde aluminiumomhulsel soos CONSAC is ook die oorweeg nie, aangesien Suid-Afrikaanse kabelvervaardigers nie toegeger is om hulle te maak nie.

### 10.2 Lasse :

Van die beskikbare lasmetodes vir aluminium is soldering met behulp van 'n nie-toksiese organiese vloeimiddel, Bical, gekies, aangesien dit die naaste is aan die bedruipingsoldeermetode wat deur die Departement se kabellassers vir koperkabels gebruik is. Na 'n sekere mate van oefening en die toets van beslagringing het die lassers hulself geredelik by die ingewikkeldheid van die nuwe lasmetode aangepas en geen moeilikhede of die onklaarraking van lasse wat aan soldering te wyte is, is tot dusver ondervind nie. Wanneer 'n aluminiumkabel reguit aan 'n kleiner koperkabel gelas moet word, word die kopergeleier opgebou om te verseker dat dit goed in die gekepte beslagringing inpas, en dan word die soldering uitgevoer asof dit 'n volle aluminiumlas is.

Omdat daar twyfel bestaan het omtrent die effektiwiteit daarvan op die lange duur, is daar nie van die saampersingsmetode met mengselgevalde gevlegte geleierlasse of kabelentkaste gebruik gemaak nie. Daar is gebruik gemaak van hitte-krimpbare "handskoene" en buise in plaas van die gebruikelike gietyster-kabelentkaste by die afsluitings van papier-geïsoleerde en PVC-kabel met soliede aluminiumgeleiers. Die "handskoene" en buise word oor die kabelkerns geplaas en dan tot ongeveer die helfte van hul oorspronklike grootte gekrimp ten einde 'n stewig-passende seël aan die punt van die kabel daar te stel.

Selfs voor die oorskakeling na aluminiumkabel is die mening gehuldig dat die lastegniese genieë het om ooruitvoerig te wees, en 'n aantal



# Electrical Contractors' Association

(SOUTH AFRICA)



PRESIDENT: B. G. THOMPSON (PORT ELIZABETH)  
VICE-PRESIDENT: E. V. BURTON (NATAL MIDLANDS)  
HON. TREASURER: B. GILBERT (WITWATERSRAND)  
GENERAL SECRETARY: P. v. E. RAUTENBACH

---

Branches at Bloemfontein, Boland (Paarl), Brits, Cape Town, East London, Natal Coastal Areas (Durban), Natal Midlands (Pietermaritzburg), Lowveld (Nelspruit), Port Elizabeth, Pretoria, Rustenburg, South West Africa (Windhoek), Witwatersrand (Johannesburg)

---

HEAD OFFICE:

**Federated Insurance House**

1 DE VILLIERS STREET, JOHANNESBURG

P.O. Box 5327

Telephone 834-1087/8

11 kV joints in which the normal lead sleeve was eliminated, were put into service. In this type of joint, the cores are separated by means of suitable spreaders, and the ferrules are left uninsulated. Stress cones for the core screens are provided on each side of the joint, as well as an 11 kV PVC insulated earth bond across the joint. The cable entry holes of a cast iron box are sealed with Prtley or other suitable compound, and the box slightly heated prior to filling with A grade compound.

One of these joints similar to that photographed in Figure 6, was recently opened up and found to be in a perfectly dry condition after 4 years in service in ground which during winter is below the water table.

### 10.3 Pole terminations:

Although all new areas are reticulated entirely by means of underground cable, Cape Town has an extensive network of medium voltage copper overhead mains. For 0,5 and 0,25 sq. in. aluminium conductor paper insulated pole terminations, compound filled boxes in which PVC insulated copper tails are solder ferruled to the ends of aluminium conductors, were initially used. Subsequently heat shrinkable gloves and tubing were employed, likewise with a PVC copper tail soldered to the aluminium conductor. This makes for a neater and lighter pole and is approximately half the cost of a pole box.

For PVC insulated cables, it was found that conventional plastic pole boxes were large enough to accommodate solid aluminium cable sizes up to 0,1 sq. in. For 0,15 sq. in. cable ends, heat shrinkable components are used.

For house service connections it is normal practice in Cape Town to connect the cable end directly on to the overhead mains. The Department's only direct experience of copper to aluminium junctions was an experimental aluminium overhead mains system to which copper service conductors were connected by means of brass line line taps covered with Denso paste and tape. After more than ten years' service these copper and aluminium junctions were still in perfect condition.

For terminating the solid aluminium service conductors to the copper overhead mains, tinned parallel groove clamps were chosen. These clamps, which may be of cast aluminium alloy or extruded aluminium, give a better grip on the aluminium than line taps. The clamps are normally of the universal type suitable for any of the nor-

(c) In France the whole domestic installation is protected by a device rated at 30 mA and experience is said to be satisfactory.

In South Africa there is no national ruling for compulsory earth leakage protection on domestic wiring although some municipalities have done just this for complete installations. We have had evidence of positive interference with the earth leakage devices in such cases whereby they have been rendered inoperative, therefore it would appear doubtful that this measure should be mandatory at this stage. Perhaps the approach should rather be to protect part of the installation and aim at protecting the whole installation at a later date. This aspect will be examined in the next subclause.

One must bear in mind that the percentage of domestic accidents due to electricity is relatively low when compared with other causes such as accidents on the roads or due to falls. This has been mainly due to the care and attention taken by electricity supply authorities in the field of safety. However, electricity is dangerous and it is surely advisable to tighten up rather than relax our safety precautions provided this can be done without hitting the householder's pocket too hard and provided we do not run into more problems by doing so. As regards economics, the cost of an earth leakage device on a new installation should not be a hardship when considering the total building cost (except perhaps on subeconomic housing) and the additional safety thus provided. Some of the problems to be met are being discussed in this paper.

(a) In Kanada, dog nie in die V.S.A. nie, word hulle 5 mA aangeslane toestel gebruik vir alle nuwe ligtoebehore wat onder of binne 10 voet vanaf die oppervlakte van 'n swembad geïnstalleer word. Die hoogste spanning wat toegelaat word, is 150 volt. 'n Mate van lastige uitklinking word met hierdie hoë sensitiviteit ondervind.

(b) In Duitsland, waar dit weens swak grondtoestande nie moontlik is om aan die vereistes van die VDE-regulasies insake die aarding van huishoudelike elektrisiteitstoelers te voldoen nie, moet elke verbruiker wat daarby betrokke is, aardlekbeskerming installeer bo en behalwe die normale aarding van ontblote geleiers. 'n Sensitiewe toestel wat teen 30 mA werk, word slegs in die sokkitaalstroombane voorsien: minder sensitiewe toestelle, wat bedoel is om toerusting liewer as lewens te beskerm, word op ligstroombane gebruik (300 mA) sowel as by stowe en verwarmers (500 mA). Die 30 mA-eenheid is ook op sekere landboupersele verpligtend.

(c) In Frankryk word die hele huishoudelike installasie beskerm deur 'n toestel van 30 mA, en daar word verneem dat dit bevredigend werk.

In Suid-Afrika is daar geen landswye reël vir verpligte aardlekbeskerming in die bedrading van huise nie, alhoewel sommige munisipaliteite dit wel vir voltooide installasies ingestel het. In sulke gevalle is gevind dat daar beslis met die aardlektoestelle gepeuter is, wat daartoe gelei het dat hulle opgehou het om te funksioneer, as gevolg waarvan dit te betwyfel val of so 'n reëling in hierdie stadium verpligtend gemaak moet word. Miskien moet die benadering liewers wees om 'n gedeelte van die installasie nou te beskerm, en die oogmerk om die hele installasie in 'n latere stadium te beskerm. Hierdie aspek sal in die volgende subklousule van naderby ondersoek word.

Ons moet in gedagte hou dat die persentasie huishoudelike ongelukke wat aan elektrisiteit te wyte is, relatief laag is wanneer dit vergelyk word met ander oorsake soos bv. ongelukke op die paaië of gevalle waar mense val. Dit is hoofsaaklik te danke aan die sorg en aandag wat deur elektrisiteitsvoorsieningsowerhede aan die kwessie van veiligheid bestee word. Elektrisiteit is egter gevaarlik en dit is sekerlik raadzaam om ons veiligheidsmaatreëls liewer te verskerp as te verslap, mits dit gedoen kan word sonder om die verbruiker se sak te hard aan te spreek en mits ons natuurlik nie, deur dit te doen, meer probleme vir onself skep nie. Sover dit die ekonomie van die saak betref, behoort die koste van 'n aardlektoestel in 'n nuwe installasie nie 'n ontbering te wees as die totale boukoste (behalwe in die geval van sub-economiese behuising) en die bykomstige beskerming wat aldus verkry word, in aanmerking geneem word nie. Sommige van die probleme wat teëgekem kan word, word in hierdie referaat bespreek.

### 6.3 Protection of the Whole or a Part of the Installation. Let us examine a few points.

(a) **Stoves.** From Clause 6 of this paper it would seem that stoves will cause a good deal of nuisance tripping. Furthermore, if a stove does trip the earth leakage device it is not possible to "bake out" the fault.

In spite of some reports of sensations of shock from stoves we have examined all the records at our disposal and cannot trace a fatality due to a faulty stove. These appliances can therefore be assumed to be fixed and reliably earthed.

For these reasons we suggest that the stove should be excluded from any compulsory earth leakage protection at present.

One small point arises from this suggestion. It could no longer be permitted to supply one socket outlet on the same final subcircuit as the stove (Regulation 1202: Exemption (i)).

(b) **Geysers.** In our records we cannot trace any fatalities due to electric geysers. They are fixed and reliably earthed and could for these reasons be omitted from earth leakage protection without sacrificing safety.

If included in leakage protection some nuisance tripping would occur but as these appliances are now controlled by a double-pole switch and are on a separate circuit (Regulation 1219) it is likely that any leakage on the neutral conductor could be isolated and the earth leakage device then reclosed, thus restoring power to other circuits. Otherwise, there would be no harm in including this item with the protected circuits.

In this instance it is suggested that, in order to avoid introducing any new problems, e.g., nuisance tripping and loss of water heating, geysers are excluded from earth leakage protection.

(c) **Lights:** Further study of our records for the years 1968 to 1970 show that out of 32 fatal electrical domestic accidents 28 were due to extension leads. Of these, 27 were connected to socket-outlet circuits and one was connected to a bayonet lighting fitting: in the latter case an electric drill was being used, the earth conductor being left unconnected. To say the least, it is extremely bad practice to connect any appliance provided with an earthing conductor and not use that conductor. As long as bayonet-cap adaptors are available to the public we will be faced with hazardous extensions from lighting points, particularly on old houses with insufficient socket-outlets.

### 6.3 Beskerming van die hele installasie of slegs 'n gedeelte daarvan. Laat ons 'n paar punte van naderby beskou:

(a) **Stowe:** Uit klousule 6 van hierdie referaat wou dit voorkom asof stowe die oorsaak van 'n groot mate van lastige uitklinking kan wees. Voorts is dit duidelik dat, as 'n stoof die aardlektoestel laat uitklink, dit nie moontlik is om die fout „uit te bak" nie.

Ten spyte van verslae van gevalle waar 'n gevoel van skok by stowe ondervind is, het ons al die rekords wat tot ons beskikking is, ondersoek en kon ons geen noodlottige voorval waarby 'n stoof betrokke is, opspoor nie. Daar kan dus aanvaar word dat hierdie aparate vasstaande en betroubaar geaard is.

Om hierdie redes doen ons aan die hand dat stowe in die huidige stadium van enige verpligte aardlekbekerming uitgesluit word.

Uit hierdie voorstel vloei daar egter een punt voort: daar kan nie langer toegelaat word dat een sokkuitlaat op dieselfde finale substroombaan geïnstalleer word nie (Regulasie 1202: Vrystelling (i)).

(b) **Warmwatertoestelle:** In ons rekord kon ons geen noodlottige voorvalle wat aan warmwatertoestelle toegeskryf kan word, opspoor nie. Hulle is vasstaande en betroubaar geaard en kan dus van verpligte aardlekbekerming uitgesluit word sonder om enigiets aan veiligheid in te boet.

Indien die warmwatertoestel by die lekbekerming ingesluit sou word, sou 'n mate van lastige uitklinking voorkom, dog, aangesien hierdie toestelle tans deur 'n tweepoolskakelaar beheer word en boonop 'n aparte stroombaan geïnstalleer word (Regulasie 1219), is dit waarskynlik dat enige lekkasie op die neutrale geleier geïsoleer en die aardlektoestel dan weer gesluit kan word om sodoende weer krag aan die ander stroombane te verskaf. Andersins sal daar geen skade gedoen word indien hierdie toestelle by die ander beskermdes stroombane ingesluit word nie.

In hierdie geval word daar aan die hand gedoen dat, ten einde die invoering van ander probleme, soos bv. lastige uitklinking en 'n verlies aan waterverwarming te verhoed, warmwatertoestelle van aardlekbekerming uitgesluit word.

(c) **Ligte:** 'n Verdere studie van ons rekords vir die jare 1968 tot 1970 toon dat, uit die 32 noodlottige huishoudelike ongelukke waarby elektrisiteit betrokke was, 28 deur verlengingsgeleiers veroorsaak is. Hier van was 27 aan sok-uitlate gekonnekteer en een aan 'n bajonet-tipe ligprop. In laasgenoemde geval is 'n elektriese boor gebruik, met die aardeleier nie gekonnekteer nie. Om die minste daarvan te sê, is dit 'n baie swak beleid om enige apparaat wat van 'n aardeleier voorsien is, te gebruik sonder om daardie geleier te gebruik. So lank as wat die bajonet-tipe passtukke vir die publiek beskikbaar is, sal ons te kamp hê met gevaarlike verlengings vanaf ligproppe, veral



fire. Sensitive earth leakage protection could assist in the prevention of fires caused by leakages from current-carrying conductors to earth. We have covered this aspect for plugged-in appliances and flexible cords but it is difficult to determine the incidence of fires, due to electricity, on lighting or other circuits. Once more, statistics of fires could prove this, enabling us to take suitable steps in future but the hazard of "no lights" will always exist where one leakage device protects the lighting and socket-outlet circuits.

Lastly, if compulsory earth leakage protection was accepted, I suggest that it should be applied to new installations only. If considered desirable, complete rewiring of installations could be included in this category.

**6.4 Nuisance Tripping.** With stoves, in particular, excluded from earth leakage protection this problem is simplified. Of the other semi-permanent plug-in appliances one can expect trouble from a small number of refrigerators and deep-freeze units: mention is made of these later.

Where nuisance tripping does occur the only practical method of dealing with it appears to be to display a notice on the distribution board explaining simply how a fault can be located and eliminated and if the fault cannot be cleared that a competent person must be called in. Contractors and inspectors could be asked to bring the consumer's attention to this notice and offer their advice to him.

**6.5 Desensitizing.** If an earth leakage device is provided on a voluntary basis, desensitizing might be acceptable. On a compulsory basis, however, I consider that a householder should not be able to desensitize or bypass the device in any way because there is no certain method of ensuring that it is reset. Thus, the safety measure can be nullified. Here we come up against the tripping out of the freezer during holidays or even week-ends. Some of the solutions are impractical, e.g., allowing the earth leakage relay to be switched off but only with the approval of a responsible authority—and this means the ubiquitous Engineer, poor fellow.

Our suggestion is to provide one final subcircuit to the freezer, not controlled by earth leakage. To ensure good earthing let us treat the freezer in a similar manner as the stove, because it is moved occasionally for cleaning purposes. We could provide

van brande. Sensitiewe aardlekbeskerming kan bydra tot die voorkoming van brande wat veroorsaak word deur lekkes vanaf stroomdraende geleiers na die aarde toe. Ons het hierdie aspek behandel vir sover dit ingepropte apparaat en buigbare koorde betref, dog dit is moeilik om te bepaal hoeveel brande deur elektrisiteit in lig- of ander stroombane veroorsaak word. Ook hier kan statistiek in verband met brande die nodige bewys lewer en ons sodoende in staat stel om gepaste stappe in die toekoms te doen, dog die gevaar van „geen ligte" sal nog altyd bestaan waar een toestel sowel die lig- as die sok-uitlaatstroombane beskerm.

Ten laaste, as aardlekbeskerming verpligtend gemaak sou word, sou ek aan die hand doen dat dit net op nuwe installasies van toepassing gemaak word. Indien dit as wenslik beskou word, kan gevalle waar persele geheel-en-al herbedraad word, by hierdie kategorie ingesluit word.

**6.4 Lastige uitklinking.** Indien veral stowe van aardlekbeskerming uitgesluit sou word, sou hierdie probleem baie vereenvoudig word. Wat die ander semi-permanente inprop-apparaat betref, kan 'n mens moeilikheid verwag van 'n klein aantal ys- en vrieskaste. Hulle word egter later behandel.

Waar lastige uitklinking wel voorkom, skyn die enigste praktiese manier om dit te bekamp, te wees om 'n kennisgewing op die distribusieboard te plaas waarin in eenvoudige taal verduidelik word hoe om 'n fout op te spoor en uit te skakel en, indien die fout nie reggestel kan word nie, dat 'n deskundige persoon ingeroep moet word. Kontraakteurs en inspekteurs kan versoek word om hierdie kennisgewing onder die aandag van die verbruiker te bring en hulle raad aan hom te bied.

**6.5 Desensitiserings.** Indien 'n aardlektoestel op 'n vrywillige grondslag voorsien word, kan desensitering wel aanvaarbaar wees. Indien dit egter verpligtend is, is ek van mening dat die verbruiker nie in staat behoort te wees om die toestel op enige wyse te desentiteer of te omsel nie, aangesien daar geen sekere metode bestaan om te verseker dat dit herset word nie, met die gevolg dat die waarde van die veiligheidsmaatregel tot niet gemaak kan word. Hier kom ons weer te staan voor die probleem van die vrieskas wat gedurende 'n vakansie of 'n naweek uitklink. Sommige van die oplossings wat aan die hand gedoen is, is onprakties, soos bv om toe te laat dat die aardlektoestel afgeskakel word, dog dan slegs met die toestemming van 'n verantwoordelike owerheidspersoon — en dit beteken die alomteenwoordige ingenier, arme kêrel.

Ons voorstel is om een finale substroombaan vir die vrieskas te voorsien wat nie deur die aardlektoestel beheer word nie. Om goeie aarding te verseker, laat ons die vrieskas behandel soos die stoof, aangesien dit ook nou en dan vir skoonmaakdoeleindes

Notwithstanding the above remarks, it is usually more convenient to make use of a socket-outlet than a lighting point and the former will be used to a much greater extent even when both are available in the same area of a house as might be expected in a new building.

Unfortunately, the records previous to 1968 are not detailed enough to provide the same type of information, but one can perhaps assume that some three per cent of domestic fatalities are due to extension leads from lighting points. A number of these will also be unauthorised wiring, e.g., taking ripcord from the house to light the garage. I do feel that as the older houses are demolished or rewired and more socket-outlets are provided the percentage of this type of accident could diminish.

Turning now to the biggest bone of contention on this matter, many consider it dangerous for a dwelling to be plunged into darkness if a fault develops at night. If this feeling is strong enough, why not also eliminate the lighting circuits from earth leakage protection and apply it only to socket-outlets? The degree of overall safety is being increased and on the small proportion of lighting circuit accidents the safety level is at least unchanged. Protection is greatly enhanced against the biggest (by far) factor, i.e., socket-outlets, and the secondary hazard of losing the lights at night is eliminated. Thereafter, statistics will show whether or not lighting circuits should be protected as well.

(d) **General.** Taking the above comments into consideration, it appears that compulsory earth leakage protection should be applied, at this stage, to socket-outlet circuits only. One or two further points in this respect are now mentioned.

The "clever" man will discover that he can still use his faulty pop-up toaster on a lighting circuit whereas it will trip the earth leakage device when plugged in to a socket-outlet. This foolishness might be minimised by better publicity on the advantages of earth leakage protection, perhaps through the medium of advice from municipal engineers and through the Press. We cannot afford to continue indefinitely to legislate for fools unless there are too many for us to do otherwise. As already mentioned, statistics of fatalities due to shocks could determine how necessary it would be to include lighting circuits in this method of protection.

So far I have made little mention of the risk of

in die ouer huise waar daar nie genoeg sok-uitlate beskikbaar is nie.

Nieteenstaande bostaande opmerkings, is dit gewoonlik veel gemakliker om 'n sok-uitlaat te gebruik as 'n ligpunt en eersgenoemde sal altyd meer gebruik word, selfs waar albei in dieselfde gedelte van 'n huis beskikbaar is, soos wat mens in 'n nuwe gebou kan verwag.

Ongelukkig is ons rekords van vóór 1968 nie volledig genoeg om dieselfde soort inligting te verskaf nie, maar mens kan miskien aanvaar dat sowat 3 per sent van noodlottige huishoudelike ongelukke aan verlengingsgeleiers vanaf ligpunte toegekryf kan word. Hiervan sal 'n aantal ook nog te wyte wees aan ongemagtigde bedrading, soos bv. om 'n draad vanaf die huis te neem om die motorhuis te verlig. Ek is van mening dat, namate die ouer huise gesloop of herbedraad en meer sok-uitlate voorsien word, die persentasie van hierdie soort ongeluk behoort te verminder.

Laat ons ons nou tot die grootste geskilpunt in hierdie verband wend, nl. die mening wat baie mense daarop nahoo dat dit gevaarlik is om 'n huis in duisternis te doppel as daar gedurende die nag 'n fout ontstaan. Indien hierdie mening sterk genoeg is, waarom sluit ons dan nie ligstroombane van aardlekbeskerming uit en pas laasgenoemde slegs op sok-uitlate toe nie? Die graad van totale veiligheid word verhoog en wat betref die klein persentasie van ongelukke waarby ligstroombane betrokke is, bly die veiligheidspeil minstens onveranderd. Beskerming teen die heel grootste faktor, nl. sok-uitlate, word aansienlik verhoog, en die sekondêre gevaar van die verlies aan verligting gedurende die nag word heeltemal uitgeskakel. Daarna sal die statistiek wel toon of ligstroombane ook beskerm behoort te word of nie.

(d) **Algemeen.** Met inagneming van die voorgaande kommentaar, wou dit voorkom asof aardlekbeskerming in hierdie stadium slegs op sok-uitlate van toepassing gemaak moet word. Een of twee verdere punte moet nog in hierdie verband genoem word.

Die „slim" man sal gou genoeg agterkom dat hy nog sy foutieve broodrooster op 'n ligstroombaan kan gebruik, terwyl dit die aardlektoestel sal laat uitklink indien dit by 'n sok-uitlaat ingeplug word. Hierdie dwaasheid kan miskien verminder word deur beter reklamering van die voordele van aardlekbeskerming, miskien deur middel van advies deur munisipale ingenieurs en deur die Pers. Ons kan nie bekostig om onbepaald voort te gaan met wette maak vir gekke nie, tensy daar soveel van hulle is dat ons nie anders kan nie. Soos reeds gesê, sal die statistiek omtrent noodlottige elektriese skokke bepaal hoe noodsaaklik dit is om ligstroombane by hierdie metode van beskerming in te sluit.

Toe dusver het ek min te sê gehad oor die gevaar

a suitable switched wall outlet point with a flexible connection to the freezer through flexible conduit or would tough rubber sheathed cable be sufficient without further mechanical protection? Alternatively, and more conveniently, the wall outlet point could have a socket-outlet of special configuration with a matching plug for the freezer. If desired, a double wall outlet could be used for the refrigerator as well, if it is adjacent. The extra cost would not, I feel, be unduly onerous in a new house of a standard which caters for freezers when compared with the possible loss of valuable perishables. Costs could be reduced by using, for the freezer, a 10 ampere circuit-breaker protecting one square millimetre conductor (13 ampere rating) in 16 millimetre ( $\frac{5}{8}$ -in) conduit: this would also provide better over-current protection than existing methods.

There are admittedly snags to this proposal. An individual may wish to locate the freezer elsewhere: he could lose his meat but not, we hope, his life. Or he could use the special socket outlet for another appliance, not then protected against leakage: would it be sufficient to display a notice on this outlet, e.g., "Deep-freeze units only"?

This is a knotty problem and any alternative suggestions would be welcome. Perhaps the real answer is to wash our hands of it and advise the householder to insure his perishables against this contingency!

#### 6.6 Periodic Checking of Earth Leakage Relays.

Until these devices have been proved consistent and reliable over very long periods, occasional checks on their operation are advisable. Here again, we think the practical solution is a notice on the board giving the necessary instructions.

One municipality has gone to a good deal of trouble in making periodical checks on these devices. It would certainly be of great help in compiling statistics if other municipalities could find the time to do the same. Only by statistics can we judge the long term accuracy of these devices.

### 7. THE IMPLICATIONS OF SENSITIVE EARTH LEAKAGE PROTECTION ON WIRING REGULATIONS

**7.1 General.** Although I have suggested that only socket-outlets need be protected by sensitive earth leakage devices this does not affect the broad implications of introducing this form of protection as a

verskuif word. Ons kan 'n geskikte muur-uitlaatlamp met 'n skakelaar en 'n buigbare konneksie na die vrieskas deur 'n buigbare geleibuis voorsien, of sal 'n taai, rubber-omhulde kabel genoegsaam wees sonder verdere meganiese beskerming? Alternatiewelik, en meer gerieflik ook, kan die muur-uitlaatlamp 'n sok-uitlaat met 'n spesiale vorm hê en 'n daarby passende prop vir die vrieskas. Indien verlang, kan 'n dubbele muur-uitlaat voorsien word om die yskas ook bedien, indien dit langsaan staan. Ek is van mening dat die ekstra koste nie onnodig swaar sal weeg in die geval van 'n nuwe huis wat van so 'n standaard is dat dit vir 'n vrieskas voorsiening maak nie, veral as dit vergelyk word met die waarde van bederfbare goedere wat dalk verlore kan gaan nie. Die koste kan verminder word deur bv. vir die vrieskas 'n stroombreker van 10 ampere te gebruik, wat 'n geleier van een vierkante millimeter (13 ampere-aanslag) in 'n 16 mm ( $\frac{5}{8}$  dm.) geleibuis beskerm: dit sal ook beter beskerming teen oorstroming bied as die bestaande metode.

Toegegee, hierdie voorstel hou sekere probleme in. 'n Besondere persoon mag miskien sy vrieskas op 'n ander plek wil plaas; hy kan sy vleis verloor dog, hoop ons, nie sy lewe nie. Of hy kan die spesiale sok vir 'n ander apparaat gebruik, wat dan nie teen aardlekke beskerm sal wees nie: sou dit dan genoegsaam wees om op hierdie uitlaat 'n kennisgewing aan te bring: „Slegs vrieskaste”? Dit is 'n knoperige probleem en enige alternatiewe voorstelle sal verwelkom word. Miskien is die beste antwoord om ons hande in onskuld te was en die verbruiker aan te raai om sy bederfbare produkte teen so 'n gebeurlikheid te verseker!

**6.6 Periodieke nasien van Aardlekrelê's.** Tot tyd en wyl daar bewys gelewer word dat hierdie toestelle oor baie lang tydperke konsekwent en betroubaar funksioneer, is dit wenslik om van tyd tot tyd die funksionering daarvan te kontroleer. Hier is ek ook van mening dat die praktiese oplossing is om 'n kennisgewing met die nodige aanwysings op die bord aan te bring.

Een minisipaliteit het baie moeite gedoen om periodiek die werking van hierdie toestelle na te sien. Dit sal ongetwyfeld van groot hulp by die samestelling van statistiek wees indien ander munisipaliteite die tyd kon vind om dieselfde te doen. Slegs met behulp van statistiek kan ons die akkuraatheid van hierdie toestelle oor 'n lang tydperk beoordeel.

### 7. DIE IMPLIKASIES VAN SENSITIEWE AARDLEKBESKERMING VIR BEDRADINGSREGULASIES

**7.1 Algemeen.** Alhoewel ek voorgestel het dat slegs sok-uitlate deur sensitiewe aardlektoestelle beskerm hoef te word, raak dit nie die breë implikasies van inwring van hierdie vorm van beskerming in die bedra-

general requirement for installations in wiring regulations.

Assuming that this protective measure is accepted in principle, as it is now in South Africa, it must be included in Part 3: General requirements for installations. We have already seen that this has been done, in Table 2, in Subclauses 1.2.3, 2.3.1, and 3.1 which we can now consider.

Subclause 1.2.3. (additional protection—by an earth leakage device) has been discussed at some length and no further explanations are necessary.

Subclause 3.1 (detailed requirements for protection against thermal effects, e.g., fires and burns) will be concerned mostly with regulations dealing with the types of material used for enclosures or for supporting electrical apparatus, and related to the temperatures likely to be attained during normal or abnormal service, so as to avoid burns or fires. Apart from these rules it will be mentioned that earth leakage protection can be used as an additional protective measure against these hazards. Disconnecting devices for overload and fault currents are, of course, dealt with for all installations in Subclause 4.1 of Table 2 which will also indicate the correlation with thermal effects.

Subclause 2.3.1 (detailed requirements for automatic disconnection of the supply on the occurrence of a fault) deserves a closer examination. It will deal with the type of supply system and earthing methods, also with suitable devices for adequate protection, as shown in Subclause 7.2 below.

**7.2 Automatic Disconnection of the Supply on the Occurrence of a Fault.** Closely allied to earth leakage is the question of earthing. Let us suppose that all the exposed conductive parts of an electrical installation are bonded together and to earth: an overload or short-circuit between phase and neutral will be dealt with by the overcurrent device, e.g., circuit-breaker. Now consider these alternatives:

(a) If the transformer neutral is earthed, and there exists an earth continuity conductor between the transformer neutral and the installation earth, we have a good earth loop return path for leakage currents to earth, which means that an earth leakage device can be used (optionally) to detect them. Large leakages to earth can also be interrupted by the overcurrent devices. This system is the one commonly encountered in South Africa.

(b) If the supply transformer is earthed but there is no direct connection between the transformer and installation earth electrodes, except through the

dingsregulasies as 'n algemene vereiste vir installasies nie.

As ons aanneem dat hierdie beskermingsmatreël in beginsel aanvaar word, soos dit inderdaad nou in Suid-Afrika die geval is, moet dit ingesluit word by Deel 3: Algemene vereistes vir installasies.

Ons het reeds gesien dat dit gedoen is in Tabel 2, subklousules 1.2.3, 2.3.1 en 3.1, wat ons nou van naderby kan beskou.

Subklousule 1.2.3 (bykomstige beskerming deur 'n aardlektoestel) is breedvoerig bespreek en het geen verdere verduideliking nodig nie.

Subklousule 3.1 (gedetailleerde vereistes vir beskerming teen termiese uitwerking soos bv. brande en brandwonde) sal hoofsaaklik te doen hê met regulasies wat handel oor die soorte materiaal wat vir omheinings of vir die stut van elektriese apparaat gebruik word, gesien in verhouding tot die temperatuur wat waarskynlik gedurende normale of abnormale werking bereik sal word, met die oog daarop om brande of brandwonde te verhoed. Afgesien van hierdie reëls sal daar genoem word dat aardlekbeskerming as 'n bykomstige beskermingsmatreël teen hierdie gevare gebruik kan word. Ontkoppelingstoestelle vir oorvrug en foutstrome ten opsigte van alle installasies word natuurlik in subklousule 4.1 van Tabel 2 behandel, wat ook die korrelasie met die termiese uitwerking aantoon.

Subklousule 2.3.1 (gedetailleerde vereistes vir outomatiese afskakeling van die toevoer wanneer 'n fout ontstaan) verdien nader aandag. Dit sal handel oor die tipe toevoerstelsel en aardingsmetodes, sowel as oor geskikte toestelle vir voldoende beskerming, soos in subklousule 7.2 hieronder aangetoon.

**7.2 Outomatiese afskakeling van die toevoer wanneer 'n fout ontstaan.** Die kwessie van aarding staan in noue verband met aardlekbeskerming. Laat ons aanvaar dat al die ontblote geleidende dele van 'n elektriese installasie behoortlik aan mekaar en aan die aarde verbind is; enige oorbelading of kortsluiting tussen fase en neutraal sal deur die oorstroomtoestel, d.w.s. die stroombreker, gehanteer word. Kyk egter na die volgende alternatiewe:

(a) As die neutrale geleier van die transformator geaard is en daar bestaan 'n aardkontinuiteitsgeleier tussen die neutrale pool van die transformator en die aardedraad van die installasie, het ons 'n goeie lusbaan vir lekstrome om terug te vloei aarde toe, wat beteken dat 'n aardlektoestel (opsioneel) gebruik kan word om hulle op te spoor. Groot aardlekke kan ook deur die oorstroomtoestelle onderbreek word. Hierdie is die stelsel wat algemeen in Suid-Afrika aangetref word.

(b) As die toevoertransformator geaard is dog daar is geen direkte verbinding tussen die transformator en die aardelektrodes van die installasie nie, behalwe

ground, then the earth loop return path is likely to be of considerably higher resistance, and an over-current device will not be so positive in operation on a large leakage to earth. In order to limit the shock voltage which could appear on the conductive parts of the installation, it might be necessary to use an earth leakage device, depending on the values of earth loop resistance.

(c) If the secondary of the supply transformer is entirely free from an earth connection or electrode there is no earth loop return path and an earth leakage device could not detect one fault on an otherwise healthy circuit. In this case it might be preferable to prohibit the use of earth leakage devices but to detect leakages to earth by means of insulation monitoring devices. Large earth leakages can be interrupted by the usual overcurrent device but only on the occurrence of two faults. This system is commonly used in hospital operating theatres.

From the three instances quoted it can be seen that earth leakage can technically be optional, compulsory or prohibited, depending on the supply system and earthing conditions. However, if compulsory earth leakage is required in the optional case (a), a separate supplementary requirement would be introduced, e.g., in Part 4 Section 1 for domestic installations.

**7.3 Special Applications.** In difficult locations earth leakage can be a very useful additional means of protection against shock and some fire hazards, e.g., at caravan parks, building sites and fun-fairs. Where it is considered necessary to make this protection compulsory the appropriate regulations can be introduced in the relevant Part of Section 1: Protection rules, e.g., Part 12 for caravan sites.

A number of these special applications are covered by other regulations, e.g., portable electric hand tools are mentioned in Clause C.59 of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941. There must obviously be close co-ordination in such cases with the wiring regulations which, if they are to be comprehensive, should also cover the instances commonly encountered in practice.

## 8. CONCLUSIONS

**8.1** I hope that this brief survey of the proposed approach to wiring regulations has been of interest. Working from fundamental principles will result in logical requirements for installations which are less liable to misinterpretation and which can be used to assess the safety of innovations in methods and equipment.

**8.2** By following IEC recommendations, although not necessarily in every detail, we will eventually benefit

deur die grond, dan het die terugvloei-lusbaan waarskynlik 'n aansienlik hoër weerstand en sal 'n oorstroomtoestel nie so positief in sy inwerking op 'n groot aardlek wees nie. Ten einde die skokspanning wat op die geleënde gedeeltes van die installasie mag voorkom, te beperk, mag dit nodig wees om 'n aardlektoestel te gebruik, afhange van die waarde van die weerstand van die aard-lusbaan.

(c) As die sekondêre pool van die toevoertransformator heeltemal sonder 'n verbinding na die aarde of na 'n elektrode is, is daar geen terugvloei-baan nie en sal 'n aardlektoestel nie 'n allenstaande fout in 'n origens gesonde stroombaan kan opspoor nie. In hierdie geval mag dit verkieslik wees om die gebruik van aardlektoestelle te verbied, dog om lekkasie na die aarde by wyse van isolasie-montortoestelle op te spoor. Groot aardlekke kan deur die gewone oorstroomtoestelle onderbreek word, dog dan slegs wanneer daar twee foute voorkom. Hierdie stelsel word algemeen in die operasiesale van hospitale gebruik.

Van die drie gevalle wat hierbo genoem is, kan afgelei word dat aardlekbeskerming tegnies opsioneel, verplig of verbode kan wees, afhange van die toevoerstelsel en aardingstoestand. Indien verpligte aardlekbeskerming eger in die opsionele geval (a) verlang word, sal 'n aparte aanvullende vereiste vir huishoudelike installasies ingestel moet word, bv. in Deel 4, Afdeling 1.

**7.3 Spesiale aanwendinge.** Waar die ligging moeilik is, kan aardlektoestelle 'n baie nuttige bykomstige beskermingsmaatregel teen skok en sommige brandgevaare uitmaak, bv. by woonwaparke, boupersone en vermaaklikheidsparke. Waar dit as nodig beskou word om hierdie beskerming verpligtend te maak, kan 'n geskikte regulasie ingevoer word in die betrokke Deel van Afdeling 1: Beskermingsreëls, bv. Deel 12 vir woonwaparke.

'n Aantal van hierdie spesiale aanwendinge word deur ander regulasies gedek, bv. draagbare elektriese handgereedskap word in Klousule C.59 van die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941 genoem. Daar moet klaarblyklik in sulke gevalle noue ko-ördinasie wees met die bedradingregulasies, wat, ten einde omvattend te wees, ook die gevalle wat normaalweg in die praktyk teëgekóm word, moet dek.

## 8. GEVOLGTREKKINGS

**8.1** Ek vertrou dat hierdie kort oorsig van die voorgestelde benadering tot bedradingregulasies interessant was. As daar van die fundamentele beginsels uitgegaan word, sal dit lei tot logiese vereistes vir installasies wat minder vatbaar vir wanvertolking sal wees en wat gebruik kan word om die veiligheid van nuwigheide in metodes en toerusting te beoordeel.

**8.2** Deur die aanbevelings van die IEC te volg, alhoewel nie in die fynste besonderhede nie, sal ons uit-

through facilitating international exchanges and promoting compatibility between wiring regulations and the installed equipment. In order that you may appreciate the extent of the work of TC64 and the co-operation which exists with other IEC committees I have reproduced the draft agenda for the meeting of TC64 in September, this year, in Appendix A. Item 4 of the agenda is in respect of the installation of the equipment concerned: the individual technical committees prepare recommendations for the equipment itself.

**8.3.** Regarding sensitive earth leakage protection I feel that, if it is to be compulsory, the simplest approach should be chosen, i.e., protecting socket-outlets only in the first instance, on new domestic installations. By doing this we avoid most of the problems involved in taking such a step and at the same time we provide the additional protection where it is most needed—on portable apparatus where earth continuity conductors are more prone to damage.

**8.4.** Statistical evidence will determine in which areas further coverage by earth leakage protection in domestic premises is required, if any. This information is being supplied to the Bureau by the Department of Labour.

**8.5** In order to assess the long term reliability of earth leakage devices, we should start tests on selected installations and repeat these periodically. Your assistance in this respect would be of immense value.

## 9. ACKNOWLEDGEMENTS

I should like to acknowledge my indebtedness to the authors and organisations listed in the references: to the Department of Labour for statistics on electrical accidents; to the Director General of the South African Bureau of Standards for permission to deliver this paper and finally to the President and Executive of the AMEU for doing me the honour of allowing me to address this convention.

## 10. REFERENCES

1. Earth Leakage by A. A. Middlecote, 31st Convention of the AMEU at Margate, 1957.
2. Earth Leakage Protection in Relation to Human Safety by R. K. Jooste, CSIR Symposium on Earthing, March, 1970.
3. Standard Regulations for the Wiring of Premises: The South African Institute of Electrical Engineers.
4. Regulations for the Electrical Equipment of Buildings: The Institution of Electrical Engineers, London.
5. SAA Wiring Rules: Standards Association of Australia.
6. Canadian Electrical Code: Canadian Standards Assn.
7. Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

eindelik voordeel trek deur die vergemakliking van internasionale onderhandelinge en die bevordering van die aanpasbaarheid tussen bedradingsregulasies en die geïnstalleerde toerusting. Ten einde u in staat te stel om 'n idee te kry van die omvang van die werk van TK 64 en die samewerking wat daar met ander IEK-komitees bestaan, het ek, in Bylae A, 'n weergawe gegee van die sakelyst vir die vergadering van TK 64 wat in September vanjaar gehou sal word. Item 4 van die sakelyst handel oor die installasie van die betrokke toerusting. Die individuele tegniese komitees berei aanbevelings vir die toerusting self voor.

**8.3** In verband met sensitiewe aardlekbeskerming is ek van mening dat, indien dit verpligtend gemaak sou word, die eenvoudigste benadering gekies behoort te word, d.w.s. slegs sok-uitlaters in nuwe huishoudelike installasies behoort in die eerste plek beskerm te word. Deur dit te doen sal ons die meeste van die probleme wat aan so 'n stap verbonde is, uitskakel, en terselfdertyd voorsien ons die bykomende beskermings waar dit nie nodigste is—by draagbare apparaat waar die aardkontinuiteitsgeleiers die maklikste beskadig kan word.

**8.4** Statistiese getuigenis sal bepaal in welke gebiede verdere dekking deur aardlekbeskerming in huishoudelike persele nodig is, indien dit wél is. Hierdie inligting word deur die Departement Arbeid aan die Buro verskaf.

**8.5** Ten einde die betroubaarheid van aardlekbeskermingstoestelle oor 'n lang tydperk te beoordeel, moet ons begin met toeste op uitgesoekte installasies en hierdie toetse periodiek herhaal. U hulp in hierdie verband sal van onskatbare waarde wees.

## 9. BEDANKINGS

Ek sou graag my dank wou betuig aan die ouers en organisasies wat in die verwysingslys genoem word: aan die Departement Arbeid vir die statistiek insake ongelukke waarby elektrisiteit betrokke is; aan die Direkteur-Generaal van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde vir die vergunning om hierdie referaat te kan lewer en, ten slotte, aan die President en die Uitvoerende Raad van die V.M.E.O. vir die eer wat hulle my aangedoen het deur my toe te laat om hierdie konvensie toe te spreek.

## 10. VERWYSINGS

1. "Earth Leakage" deur A. A. Middlecote, 31ste Konvensie van die V.M.E.O. te Margate, 1957.
2. Aardlekbeskerming met betrekking tot die beskerming van die Mens, deur R. K. Jooste, W.N.N.R.-simposium insake Aarding, Maart 1970.
3. Standaardregulasies vir die Bedrading van Persele: Die S.A. Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs.
4. Regulasies vir die Elektriese Toerusting van Geboue: Die Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs, Londen.
5. S.A.A.-bedradingsreëls: Standaardvereniging van Australië.
6. Kanadese Elektrotegniese Kode: Standaardvereniging van Kanada.
7. Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941.

Table 1—WIRING REGULATIONS PARTS AND SECTIONS

1	2	3	4	5	6	7	8
PART :		SECTION :					
		1	2	3	4	5	6
No.	Title	Pro ection rules	Design rules	Rules for selection of electrical equipment	Rules for erection and initial testing	Rules for maintenance and repair	Rules for periodic inspection
1	Scope and definitions						
2	Fundamental principles	2—1	2—2	2—3	2—4	2—5	2—6
3	General requirements for installations	3—1	3—2	3—3	3—4	3—5	3—6
4	Supplementary requirements for residential and commercial premises	4—1	4—2	4—3	4—4	4—5	4—6
5	Supplementary requirements for public premises						
6	Supplementary requirements for industrial premises						
7	Supplementary requirements for passenger and goods lifts, hoisting equipment						
8	Supplementary requirements for installations in explosive atmospheres						
9	Supplementary requirements for building sites						
10	Supplementary requirements for prefabricated houses						
11	Supplementary requirements for agricultural premises						
12	Supplementary requirements for temporary installations+) other than building sites						
13	Supplementary requirements for rooms in which electro-medical equipment is used	13—1	13—2	13—3	13—4	13—5	13—6

+) E.g. caravans and caravan sites

Tafel 1—BEDRADINGSREGULASIES DELE EN AFDELINGS

1	2	3	4	5	6	7	8
DEEL :		AFDELING :					
		1	2	3	4	5	6
Nr.	Titel	Beskermings-reëls	Ontwerp-reëls	Reëls vir keuring van elektriese toerusting	Reëls vir oprigting en aanvanklike toetsing	Reëls vir instandhouding en herstelwerk	Reëls vir periodieke inspeksie
1	Ontvang en woordomskrywings						
2	Fundamentele beginsels	2—1	2—2	2—3	2—4	2—5	2—6
3	Algemene vereistes vir ins allasies	3—1	3—2	3—3	3—4	3—5	3—6
4	Aanvullende vereistes vir woon- en handelspersele	4—1	4—2	4—3	4—4	4—5	4—6
5	Aanvullende vereistes vir openbare persele						
6	Aanvullende vereistes vir nywerheidspersele						
7	Aanvullende vereistes vir passasiers- en goedere-hysbakke en hystoerusting						
8	Aanvullende vereistes vir installasies in ontplofbare atmosfeer						
9	Aanvullende vereistes vir bouppersele						
10	Aanvullende vereistes vir voorafvervaardigde huise						
11	Aanvullende vereistes vir landbouppersele						
12	Aanvullende vereistes vir tydelike installasies* behalwe bouppersele						
13	Aanvullende vereistes vir kamers waarin elektromediese toerusting gebruik word	13—1	13—2	13—3	13—4	13—5	13—6

\* Bv. Karavane en Karavaanpersele



Tafel 2—BESKERMINGSREËLS: Dele 2 en 3, Afdeling 1

1	2	3
Fundamentele Beginsels: Deel 2, Afdeling 1		Algemene Vereistes vir Installasies: Deel 3, Afdeling 1
1. Beskerming teen DIREKTE kontak (met stroomdraende dele)	<p>1.1 Voorkom dat enige stroom deur die liggaam van enige persoon of dier gaan</p> <p>1.2 Beperk die maksimumstroom wat deur 'n liggaam kan gaan</p>	<p>1.1.1 Voorsien bele sels, bv. deksels, omheining, deure, kanale, geleibuisie ens.</p> <p>1.1.2 Iscleer stroomdraende dele (verwyderbaar slegs)</p> <p>1.1.3 Voorsien plaaslike isolasie (van mure, vloere en ander geleidende dele)</p> <p>1.1.4 Beperkte beskerming a) deur ruimtes na en tussen stroomdraende geleiers en b) deur versperrings, bv. handrelings</p> <p>1.2.1 Gebruik veilige ekstra lae spanning</p> <p>1.2.2 Beperk die ontladingsenergie van die stroombaan</p> <p>1.2.3 Bykomstige beskerming—deur 'n aardlektotoestel</p>
2. Beskerming teen INDIREKTE kontak (met nie-stroomdraende dele)	<p>2.1 Voorkom dat enige foutstroom deur die liggaam van enige persoon of dier gaan</p> <p>2.2 Beperk die maksimumfoutstroom wat deur 'n liggaam kan gaan</p> <p>2.3 Outomatiese ont koppeling van die toevoer wanneer 'n fout ontstaan</p>	<p>2.1.1 Plaaslike rangskikking van ontblote geleidende dele (bv. deur spasiering of deur geïsoleerde inlasstukke, of deur deurverbinding van hierdie dele)</p> <p>2.1.2 Die gebruik van intrinsiek veilige (Klas II) toerusting</p> <p>2.1.3 Isolasie van geleidende dele (bykomstig tot die funksionele isolasie)</p> <p>2.1.4 Veilige skeiding van stroombane, bv. deur middel van 'n isolerende transformator</p> <p>2.2.1 Gebruik veilige ekstra lae spanning</p> <p>2.2.2 Beperk die ontladingsenergie van die stroombaan</p> <p>2.3.1 Gedetailleerde vereistes vir 2.3</p>
3. Beskerming teen termiese uitwerking in normale diens		<p>3.1 Gedetailleerde vereistes vir kables, aansluitings, toerusting ens. vir beskerming teen brande en brandwonde</p>
4. Beskerming teen oorstrom		<p>4.1 Gedetailleerde vereistes vir oorbelading, kortsluitings en die beperking van oorstrom.</p>
5. Beskerming teen oorspanning		<p>5.1 Besonderhede van beskerming teen oorspanning (bv. weerligstuwings) en foute tussen stroomdraende gedeeltes van stroombane wat teen verskillende spannings voorsien word.</p>






**SIEMENS**

Subject: Mosaic Mimic Diagram

# Do you need a control system that grows with your requirements?



The Siemens Mosaic Mimic Diagram provides the facilities to control and supervise any production process or power network. Based on the building block principle, this type of control equipment is both adaptable and expandable and is ideal for the control of power networks of complex industrial processes, pipe-lines and municipal supply systems. Control panels or desks are easily constructed by using mosaic tiles of standard dimensions – 15 x 15 mm, 25 x 25 mm & 50 x 50 mm. Various plastic tiles are used for laying out the diagram – blank, luminous, symbol, switch, control and marker tiles. All active components, such as discrepancy switches, are coupled to a tag-block strip by means of plugable cables. The tiles are fully interchangeable. They're scratchproof and fireproof and feature a matt surface to prevent reflection. Also, their colour does not fade, so there's no noticeable difference after a control panel has been expanded. The Siemens Mosaic Mimic Diagram is designed for flexibility and for simplified expansion.

Please contact us for further details.

#### SIEMENS (PTY) LTD.

Johannesburg: P.O. Box 4583 Tel. 23-6391  
Durban: P.O. Box 2533 Tel. 81-5771  
Cape Town: P.O. Box 860 Tel. 2-7751  
Port Elizabeth: P.O. Box 1861 Tel. 4-2759

## Siemens mosaic control boards for simplified expansions.

Tafel 3—FUNDAMENTELE BEGINSELS : Deel 2, Afdeling 2 tot 6

1	2	3
AFDELING		ONDERHOOFDE VAN AFDELINGS
No.	Titel	
2	Ontwerpreeëls	2.1 Eienskappe van die toevoer 2.2 Aard van die aanvraag 2.3 Noodtcevoer 2.4 Omgewingstoestande 2.5 Deursnee van geleiers 2.6 Tipe bedradingsstelsel 2.7 Beskerrende toerusting 2.8 Noodbeheer 2.9 On koppelingstoestelle 2.10 Voorkoming van nadelige uitwerking op ander stelsels 2.11 Toeganklikheid van elektriese toerusting
3	Reëls vir die keuring van elektriese toerusting	3.1 Voldoening aan die Standaard 3.2 Geskikte eienskappe of aanslae 3.3 Installasietoestande (spanning en omgewing) 3.4 Voorkoming van nadelinge uitwerking op ander stelsels
4	Reëls vir oprigting en aanvanklike toetsing	4.1 Goeie vakmanskap: gebruik van regte materiaal en gereedskap 4.2 Aardkontinuiteits- en neutrale geleiers moet geïdentifiseer word 4.3 Aansluitings moet veilig en betroubaar wees 4.4 Oprigting moet nie die eienskappe van die toerusting of die ontwerpe verkoelingstoestande belemmer nie 4.5 Rangskik toerusting om brande of brandwonde te voorkom 4.6 Laat toe vir toegang vir nodige aandag tydens gebruik 4.7 Toets voor eerste ingebruikneming en na enige belangrike verandering
5	Reëls vir instandhouding en reparasie	5.1 Let op veiligheidsprosedures 5.2 Isoleer toevoer 5.3 Laat in veilige toestand
6	Reëls vir periodieke inspeksie	6.1 Gespesifiseerde tydperke in verhouding tot 6.2 en 6.3 6.2 Tipe installasie 6.3 Toestande van installasie of omgewing

INTERNATIONAL ELECTROTECHNICAL  
COMMISSIONTechnical Committee No. 64: Electrical Installations  
of Buildings

Draft Agenda for the meeting to be held in London  
from September 13 to 17, 1971

1. Opening of the meeting.
2. Confirmation of the minutes of the meeting held in Baden-Baden in July, 1970—RM 1314/TC64.
3. Report on the meeting of the Advisory Committee on Safety (ACOS) held in Brussels in June, 1971.
4. Co-ordination of the work undertaken in TC 64 with the activities of other Technical Committees.
  - 4.1 TC 16: Terminal markings and identifications. (Among others Document 16 (Secretariat) 231).
  - 4.2 TC 17, Subcommittee 17D: Protective measures for factory-built assemblies of switch gear and control gear.
  - 4.3 TC 20: Cables (in connection with the work of Working Group 2 of TC 64, see item 12).
  - 4.4 TC 23, Subcommittee 23C: World-wide plug and socket outlet system (see also item 6).
  - 4.5 TC 27: Electro-heating (safety in installations).
  - 4.6 TC 28: Insulation co-ordination (including replies to Questionnaire 64(Secretariat)32).
  - 4.7 TC 31: Electrical apparatus for explosive atmospheres (safety in installations).
  - 4.8 TC 62: Electrical equipment in medical practice (safety in installations).
  - 4.9 TC 70: Protective enclosures (in connection with the work to be undertaken eventually by Working Group 3 of TC 64).
  - 4.10 TC 71: Open-cast mines (safety in installations).
  - 4.11 Others.
5. Activity of TC 64 in connection with requests expressed by other organisations.
  - 5.1 UNO/Economic Commission for Europe.
  - 5.2 ISO, in particular safety of electric lifts.
  - 5.3 FICC, caravans.
  - 5.4 Other organisations.

INTERNASIONALE ELEKTROTEGNIESE  
KOMMISSIETegniese Komitee No. 64: Elektriese Installasie in  
Geboue

Konsep-agenda vir die vergadering wat vanaf 13 tot  
17 September 1971 in Londen gehou sal word

1. Opening van die vergadering.
2. Bekragtiging van die notule van die vergadering wat in Julie 1970 te Baden-Baden gehou is —RM 1314/TC64.
3. Verslag oor die vergadering van die Adviserende Komitee insake Veiligheid (ACOS) gehou in Brussels gedurende Junie 1971.
4. Ko-ordinasie van die werk wat in TK64 onderneem word met die bedrywighede van ander Tegniese Komitees.
  - 4.1 TK 16: Merk op eindpunte en identifikasie (onder andere Dokument 16(Sekretariaat) 231).
  - 4.2 TK 17: Subkomitee 17D: Beskermende maatreëls vir fabriekvervaardigde montasies van skakel- en beheertuig.
  - 4.3 TK 20: Kabels (in verband met die werk van Werkgroep 2 van TK 64, sien item 12).
  - 4.4 TK 23: Subkomitee 23C: Wêreldwye stelsel vir proppe en sok-uitlate (sien ook item 6).
  - 4.5 TK 27: Elektriese verwarming (veiligheid in installasies).
  - 4.6 TK 28: Ko-ordinasie van isolasie (insluitende antwoorde op Vraagbrief 64 (Sekretariaat) 32).
  - 4.7 TK 31: Elektriese apparaat vir ontplofbare atmosfeer (veiligheid in installasies).
  - 4.8 TK 62: Elektriese toerusting in die mediese praktyk (veiligheid in installasies).
  - 4.9 TK 70: Beskermende omheinings (in verband met die werk wat uiteindelik deur werkgroep 3 van TK 64 onderneem sal word).
  - 4.10 TK 71: Oop myne (veiligheid van installasies).
  - 4.11 Ander.
5. Bedrywighede van TK 64 in verband met versoeke van ander organisasies.
  - 5.1 V.V.O. se Ekonomiese Kommissie vir Europa.
  - 5.2 O.I.V., in die besonder die veiligheid van elektriese hysbakke.
  - 5.3 F.I.C.C., karavane.
  - 5.4 Ander organisasies.

6. Plug and socket outlets, Questionnaire 64(Secretariat)26, result 64(Secretariat)39.
7. Neutral and protective conductor, Questionnaire 64(Secretariat)28, result 64(Secretariat)41.
8. Definitions, Document 64(Secretariat)34\* including the results of work in WG 1.
9. Discussion of Part 3, Chapter one, Section 1, Document 64(Secretariat)35.\*
10. Discussion of Part 3, Chapter One, Section 2, Document 64(Secretariat)36.\*
11. Discussion of Part 3, Chapter One, Section 3, Document 64(Secretariat)37\* including Questionnaire 64(Secretariat)27, results 64(Secretariat)33.
12. Report on the state of work in WG 2 (Current-carrying capacity of conductors) taking into account the Questionnaire 64(Secretariat)31.
13. Discussion of Part 3, Chapter one, Section 4, 5, 6, and 7, Documents 64(Secretariat)38\* and 40.\*
14. Report on the state of work in WG 4 (Effects of current passing through a body) including Documents 64(Secretariat)29.
15. Report on the state of work in WG 5(Voltage bands) including Document 64(Secretariat)30.
16. Programme of future work.
17. Any other business.
18. Close of the meeting.
6. Proppe en sok-uitlate, Vraagbrief 64(Sekretariaat)26, resultate 64(Sekretariaat)39.
7. Neutrale en beskermende geleier, Vraagbrief 64(Sekretariaat)28, resultate 64(Sekretariaat)41.
8. Definisies, Dokument 64(Sekretariaat)34,\* insluitende die resultate van die werk van Werks-groep 1.
9. Bespreking van Deel 3, Hoofstuk een, Afdeling 1, Dokument 64(Sekretariaat)35.\*
10. Bespreking van Deel 3, Hoofstuk een, Afdeling 2, Dokument 64(Sekretariaat)36.\*
11. Bespreking van Deel 3, Hoofstuk een Afdeling 3, Dokument 64(Sekretariaat)37\* insluitende Vraagbrief 64(Sekretariaat)27, resultate 64(Sekretariaat)33.
12. Verslag oor die stand van die werk in Werks-groep 2 (stroomdraende vermoë van geleiers) met inagneming van Vraagbrief 64(Sekretariaat)31.
13. Bespreking van Deel 3, Hoofstuk een, Afdelings 4, 5, 6 en 7, Dokumente 64(Sekretariaat)38\* en 40.\*
14. Verslag oor die stand van die werk in Werks-groep 4 (uitwerking van stroom wat deur 'n liggaam gaan) met inbegrip van Dokument 64 (Sekretariaat) 29.
15. Verslag oor die stand van die werk in Werks-groep 5 (Spanningsbande) met inbegrip van Dokument 64(Sekretariaat)30.
16. Program van toekomstige werk.
17. Enige ander sake.
18. Afsluiting van die vergadering.

\* Explanations on some of the Clauses of these documents as well as parts of a later Application Guide are contained in Documents 64(Secretariat)34A up to 64(Secretariat)38A and 64(Secretariat)40A which will be circulated later.

\* Verduidelikings van sommige klousules van hierdie dokumente sowel as gedeeltes van 'n latere Gebruiksgids word vervat in Dokumente 64(Sekretariaat)34A tot en met 64(Sekretariaat)38A en 64(Sekretariaat)40A wat later omgestuur sal word.

**ANNUAL REPORT FOR 1970**

**ELECTRICAL WIREMEN'S REGISTRATION BOARD**

The Board was constituted as follows for 1970 :

Chairman : Mr J. G. Wannenburg;  
 Members : Messrs J. M. Fraser, F. Meemans,  
 A. H. M. Drysdale, J. K. von Ahlften.

In an advisory capacity, Mr Hare of the Central Organisation for Trade Testing, Olifantsfontein, attended the meetings of the Board.

Before submitting the report for 1970, I wish to place the Association's appreciation on record for the valuable work done over the past years up to then end of 1969 by Mr C. Lombard as the A.M.E.U.'s representative on the Board.

During 1970 the Electrical Wiremen's Registration Board held 12 meetings and considered 1 153 new application for registration. Of these, 1 147 persons were either accepted for the examinations or exempted from them in part or in full. The applications of 6 persons were refused. The Board also granted provisional registration certificates or approved renewal of such certificates in respect of 1 586 applicants.

**Examinations**

Four written examinations were held at 43 examination centres and 1 618 candidates were entered. The results were as follows :

Failed Part 1 (on the Wiring Regulations) .....	405
Passed Part 1 .....	240
Failed Part 2 (Electrical Theory—NTC II level) .....	472
Passed Part 2 .....	132
Absent from the examinations .....	369
	<hr/>
	1618
	<hr/>

A number of candidates who, for various reasons, were unable to undergo or pass the written examinations, were allowed to undergo oral tests.

During the year under review 147 practical examinations were held in the ten principal centres. Test arrangements were made in respect of 1 567 candidates of which 274 passed while 267 were absent. Of the 1 026 who failed quite a number of them passed in some of the tasks and they were granted exemption from these in subsequent tests. The pass marks for each task is 60%.

The abovementioned totals of 1 618 and 1 567 include candidates who failed in previous years.

**JAARVERSLAG VIR 1970**

**REGISTRASIERAAD OP ELEKTROTEGNIESE DRAADWERKERS**

Die Raad was vir 1970 soos volg saamgestel :

Voorsitter : Mnr. J. G. Wannenberg;  
 Lede : Mnr. J. M. Fraser, F. Meemans, A. H. M. Drysdale, J. K. von Ahlften.

Mnr. Hare van die Sentrale Organisasie vir Beoepstoets, Olifantsfontein, het die vergaderings van die Raad in 'n raadgewende hoedanigheid bygewoon.

Voordat ek die verslag vir 1970 indien, wil ek graag die Vereniging se waardering boekstaaf vir die waardevolle werk wat oor die jare, tot aan die einde van 1969, deur Mnr. C. Lombard as die Vereniging se verteenwoordiger in die Raad gedoen is.

Die Registrasieraad op Elektrotegniese Draadwerkers het gedurende 1970 12 vergaderings gehou en oorweging verleen aan 1.153 nuwe aansoeke om registrasie. Hiervan is 1 147 persone óf tot die eksamens toegelaat óf geheel of gedeeltelik daarvan vrygestel. Die aansoeke van 6 persone is geweier. Die Raad het ook voorlopige registrasiesertifikate of die hernuwing van sulke sertifikate ten opsigte van 1 586 applikante toegeken of goedgekeur.

**Eksamens**

Vier skriftelike eksamens is by 43 eksamensentra gehou en 1 618 kandidate het daarvoor ingeskryf. Die uitslae was soos volg :

Gedeelte 1 gedruip (Bedradingsregulasies) .....	405
Gedeelte 1 geslaag .....	240
Gedeelte 2 gedruip (Elektrotegniese teorie—NTS II standaard) .....	472
Gedeelte 2 geslaag .....	132
Afswig van die eksamen .....	369
	<hr/>
	1618
	<hr/>

'n Aantal kandidate wat om verskillende redes nie die skriftelike eksamens kon aflê of slaag nie, is toegelaat om mondelike toetse te ondergaan.

Gedurende die verslagjaar is 147 praktiese eksamens in die tien vernaamste sentra gehou. Toetsreëlings is ten opsigte van 1 567 kandidate getref, van wie 274 geslaag het en 267 nie opgedaag het nie. Van die 1 026 wat gedruip het, het 'n hele aantal in sommige van die take wat aan hulle gestel is, geslaag en hulle is in die daaropvolgende toetse van hierdie take vrygestel. Die slaagpunte vir elke taak is 60%.

Die bogenoemde totale van 1 657 en 1 567 sluit kandidate wat in die vorige jare gedruip het, in.

## Registration Certificates

Particulars of registration certificates issued since the Act came into operation are reflected hereunder:

Year	To applicants exempted from the examinations	To applicants who passed the examinations during 1970 or in previous years	Totals
1940-65	2 553	6 668	9 221
1966	64	269	333
1967	34	218	252
1968	50	169	219
1969	74	293	367
1970	89	371	460
Totals	2 864	7 988	10 852

Because the Board is aware that a large percentage of practising wiremen are not licenced, and in an effort to get these persons to undergo the examinations, it was decided that, as a special concession for 1970, provisional registration would be granted to them if they submit satisfactory proof of:

- (i) A completed contract of apprenticeship and at least five years' acceptable subsequent experience, or
- (ii) At least ten years' acceptable experience in the case of persons who had not served an apprenticeship.

The concession was also extended to persons who received training in the trades of Electrician, Millwright (Electro-mechanical) and Lift Mechanic. Persons with five years' experience who possess certain of various additional qualifications which would exempt them any part of the Board's examinations, also qualify for provisional registration.

The certificates are granted on condition that the holders thereof regularly enter for and attempt the examinations, and that they are not to be absent from examinations for which they have entered.

Previously provisional registration certificates were only granted to those persons who had passed part of the Board's examinations.

When, during the latter half of the year, it appeared that not as many applications as would have been expected had been received, all the organisations concerned were reminded of the concession and advised that after the 31st January, 1971, efforts would be made to ensure that no electrical wiring is done by persons other than those mentioned in section 20 of the Act.

## Registrasiesertifikate

Besonderhede van registrasiesertifikate wat sedert die inwerkingtreding van die Wet uitgereik is, word hieronder weergegee:

Jaar	Aan applikante wat van die eksamens vrygestel is	Aan applikante wat gedurende 1970 of in vorige jare in die eksamens geslaag het	Totale
1940-65	2 553	6 668	9 221
1966	64	269	333
1967	34	218	252
1968	50	169	219
1969	74	293	367
1970	89	371	460
Totale	2 864	7 988	10 852

Omdat die Raad daarvan bewus is dat 'n groot persentasie van die praktiserende draadwerkers nie gelisen sieer is nie, en in 'n poging om die persone aan te moedig om die eksamens af te lê, is daar besluit om, by wyse van 'n spesiale toegewing vir 1970, voorlopige registrasie aan hulle toe te ken, mits hulle bevredigende bewys kan lewer van:

- (i) 'n voltooide vakleeringskontrak en ten minste 5 jaar aanvaarbare ondervinding daarna; of
- (ii) ten minste tien jaar aanvaarbare ondervinding in die geval van persone wat nie 'n vlakleeringskap uitgedien het nie.

Hierdie toegewing is ook gemaak aan persone wat opleiding in die ambagte van elektrisïen, masjienmonteur (elektro-meganies) en hysbakwerktuigkundige ontvang het. Persone met vyf jaar ondervinding en wat in besit is van sekere van verskeie ander kwalifikasies wat hulle op vrystelling van enige gedeelte van die Raad se eksamens geregtig maak, kwalifiseer ook vir voorlopige registrasie.

Die sertifikate word toegeken op voorwaarde dat die houders daarvan gereeld vir die eksamens moet inskryf en dit moet aflê en dat hulle nie van eksamens waarvoor hulle ingeskryf het, moet wegby nie.

Vroeër is voorlopige registrasiesertifikate slegs aan persone wat in sekere gedeeltes van die Raad se eksamens geslaag het, toegeken.

Toe dit gedurende die tweede helfte van die jaar duidelik geword het dat daar nie soveel aansoeke ontvang is as wat redelikerwys verwag kon word nie, is al die betrokke organisasies se aandag op die toewings gevestig en is hulle meegedeel dat daar ná 31 Januarie 1971 pogings aangewend sou word om te verseker dat geen bedragingswerk deur ander persone as dié wat in Artikel 20 van die Wet genoem word, uitgevoer word nie.



As reported to the last meeting of the Executive, the concession to grant provisional registration to the persons mentioned in items (i) and (ii) above (on their experience only), was later extended to the 31st December, 1971, and it was also decided to exempt such persons from the written examinations. Unlicensed wiremen have, however, not been given grace to carry on with the work until that date, and the Department's own Inspectors will also be assisting to enforce the Act.

To assist the Board in its efforts to register as many unlicensed practising wiremen as possible, the co-operation of all Municipal Electricity Supply Authorities is requested to ensure that no unlicensed wiremen do wiring work and attention is again drawn to the requirements of section 20 of the Act.

Proposed amendments to the Act are still under consideration and as these have not yet been finalised it is therefore premature to report anything at this stage.

An additional advisory committee was established in East London in addition to those in Cape Town, Durban and Bloemfontein, who have held regular meetings during the past year and given valuable assistance.

In conclusion I wish to thank the Board for the information provided in this report and for permission to submit it to the Convention.

J. VON AHLFTEN,  
Representative.

#### REPORT OF THE RECOMMENDATIONS COMMITTEE FOR NEW ELECTRICAL COMMODITIES

During the year 1970 three meetings were held and 39 new electrical commodities were considered. Twenty-three were recommended for use and member supply authorities were notified accordingly through the medium of news bulletins.

Representation on the Wiring Regulations Committee has fallen away with the transfer of the latter's functions to the South African Bureau of Standards. However, Mr. J. T. Williams and Mr. R. A. Leigh remain on the committee on behalf of the South African Institute of Electrical Engineers.

Sincere appreciation is expressed to the members of the committee for their invaluable efforts and to the South African Bureau of Standards for carrying out tests on various commodities.

R. W. BARTON,  
Convener

Soos aan die vorige vergadering van die Uitvoerende Raad gerapporteer, is die toegewing om voorlopige registrasie aan die persone in items (i) en (ii) hierbo genoem (op grond van hul ondervinding alleen) te verleen, is later tot 31 Desember 1971 verleng en daar is ook besluit om sodanige persone van die skriftelike eksamens vry te stel. Ongelisensieerde draadwerkers is egter nie toestemming verleen om tot laasgenoemde datum met hul werk voort te gaan nie, en die Departement se eie inspekteurs sal ook help om die Wet toe te pas.

Ten einde die Raad behulpsaam te wees in sy poginge om soveel ongelisensieerde draadwerkers as moontlik te registreer, word die samewerking van alle munisipale elektrisiteitsvoorsieningsowerhede gevra om te verseker dat geen ongelisensieerde draadwerkers bedradingswerk uitvoer nie, en die aandag word nog eens die vereistes van Artikel 20 van die Wet gestig.

Voorgestelde wysiginge van die Wet word tans nog oorweeg en, aangesien dit nog nie gefinaliseer is nie, sal dit voorbarig wees om in hierdie stadium iets daaromtrent te rapporteer.

'n Bykomstige advieskomitee is in Oos-Londen in die lewe geroep, bo en behalwe dié in Kaapstad, Durban en Bloemfontein. Gereëde vergaderings is gedurende die jaar gehou en waardevolle hulp is verleen.

Ten slotte wil ek graag die Raad bedank vir die inligting wat in hierdie verslag raak is, sowel as vir die nodige toestemming om dit aan die Konvensie voor te lê.

J. VON AHLFTEN,  
Verteenwoordiger.

#### VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR AANBEVELINGS INSAKE NUWE ELEKTRIESE WARE

Gedurende die jaar 1970 is daar drie vergaderings gehou en nege-en-dertig nuwe elektriese apparate is oorweeg. Drie-en-twintig is as geskik vir gebruik aanbeveel en lid-ondernemings is by wyse van nuusbull-etins dienooreenkomstiglik in kennis gestel.

Met die oorplasing van die werksaamhede van die Komitee insake Bedradingsregulasies na die S.A.B.S. het die verteenwoordiging van die Komitee vir Aanbevelings insake Nuwe Elektriese Ware op die Komitee insake Bedradingsregulasies weggeval. Mnr. J. T. Williams en R. A. Leigh bly egter in die Komitee aan namens die Suid-Afrikaanse Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs.

Ek wil graag my opregte waardering boekstaaf vir die uiters waardevolle werk van die lede van die Komitee sowel as my dank aan die Suid-Afrikaanse Buro van Standaard vir die toetse wat hulle op verskillende kommoditeite uitgevoer het.

R. W. BARTON  
Sameroeper.

## REPORT ON THE WORLD ENERGY CONFERENCE

The annual meeting of the South African National Committee of the World Energy Conference took place at Escom Centre, Johannesburg, on the 18th February, 1971, under the chairmanship of Dr R. L. Straszacker.

The following bodies were represented: Electricity Supply Commission, Atomic Energy Board, Department of Labour, Department of Mines, Fuel Research Institute, C.S.I.R., South African Institute of Electrical Engineers, South African Institute of Mechanical Engineers, South African Railways, S.A.S.O.L., Chamber of Mines, South African National Committee on Large Dams, and the Association of Municipal Electricity Undertaking of Southern Africa.

Numerous matters were discussed, including the following:

### Survey of Energy Resources:

Arising out of the minutes of the previous meeting it was noted that the survey of energy resources, to be undertaken as a preliminary to the formulation of an energy policy for South Africa, had been delayed owing to the difficulty of finding a body suitably staffed and equipped for the work. However, it was agreed that the matter be actively pursued. It was noted that the Department of Mines was busy with a survey of coal resources.

### Questionnaire on Pollution:

A detailed questionnaire on pollution arising from energy production facilities was replied to by the Committee at the request of the World Energy Conference, which has set up an ad hoc committee to study the problem.

### Meeting of the International Executive Council—Rio de Janeiro

A meeting of the International Executive Council was held in Rio de Janeiro, Brazil, during May, 1970. The South African National Committee was represented by the Chairman, Dr Straszacker and the Honorary Secretary, Mr H. J. de Villiers.

Matters dealt with were mainly administrative, including preparations for the Ninth World Energy Conference to be held in Detroit, U.S.A., in 1974.

A session was also devoted to the energy resources, and their utilisation, of the host country, Brazil.

## VERSLAG OOR DIE WERELDKONFERENSIE INSAKE ENERGIE

Die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee van die Wêreldkonferensie insake Energie is op 18 Februarie 1971 in die Evkomsentrum, Johannesburg, onder die voorsitterskap van dr. R. L. Straszacker gehou.

Die volgende liggame was verteenwoordig: Die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, die Raad op Atoomkrag, die Departement van Arbeid, die Departement van Mynwese, die Brandstofnavorsingsinstituut, die W.N.N.R., die Suid-Afrikaanse Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs, die Suid-Afrikaanse Instituut van Meganiese Ingenieurs, die Suid-Afrikaanse Spoorweë, S.A.S.O.L., die Kamer van Mynwese, die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee insake Groot Damme, en die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suidelike Afrika.

'n Groot aantal sake is bespreek, waaronder die volgende:

### Opname van Energie-hulpbronne:

Voortspruitende uit die notule van die vorige vergadering word daar kennis geneem van die feit dat die opname van energie-hulpbronne wat onderneem sou word as 'n voorafgaande matreël tot die formulering van 'n energiebeleid vir Suid-Afrika, vertaag is, aangesien daar nie 'n liggaam gevind kon word wat die nodige toerusting en personeel tot sy beskikking het om die werk te onderneem nie. Daar word egter ooreengekom dat die saak daadwerklik verder gevoer word. Daar word ook kennis geneem van die feit dat die Departement van Mynwese besig is met 'n opname van steenkool-hulpbronne.

### Vraagbrief insake Besoedeling:

'n Gedetailleerde vraagbrief insake besoedeling wat as gevolg van energie-opwekkende bedrywighede ontstaan, is deur die Komitee beantwoord op versoek van die Wêreldkonferensie insake Energie, deur wie 'n ad hoc-komitee benoem is om die probleem te bestudeer.

### Vergadering van die Internasionale Uitvoerende Raad—Rio de Janeiro:

'n Vergadering van die Internasionale Uitvoerende Raad is gedurende Mei 1970 in Rio de Janeiro, Brasilië, gehou. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee is deur die Voorsitter, dr. Straszacker, en die Ere-Sekretaris, mnr. H. J. de Villiers, verteenwoordig.

Die sake wat oorweeg is, was hoofsaaklik administratief van aard, insluitende die voorbereidings vir die Negende Wêreldkonferensie insake Energie wat in 1974 in Detroit, V.S.A., gehou sal word.

En sitting is ook gewy aan die energie-hulpbronne van die gasheerland, Brasilië, en die benutting daarvan.

Dr Straszacker emphasised that the personal contact and exchange of ideas and information between delegates was very valuable. South Africa has many friends in the organisation.

#### **Eighth Plenary Meeting of the World Energy Conference**

The Eighth Plenary Meeting of the World Energy Conference was to be held in Bucharest, Romania, from the 28th June until the 2nd July, 1971. Although the host country has refused to issue visas to enable South African delegates to attend, the S.A. National Committee had sponsored three technical papers and it was presumed that these would appear in the proceedings of the Plenary Meeting. These papers are:

- (a) "An approach to the problem of optimising the location of electricity generating plants in South Africa" by E. J. Maunders and J. D. Roode of the S.A. Atomic Energy Board.
- (b) "The development of an integrated electric power supply system in South Africa based on a combination of available fossil fuel, hydro and nuclear resources" by M. J. Lay and N. Troost of Escom, and
- (c) "The use of low grade coal for the production of oil, gas, fertilisers and chemicals" by C. W. Schutte and J. H. Govaarts of SASOL.

#### **Annual Report for 1969**

The annual report of the World Energy Conference for 1969 was tabled. Reference was made to the work of various Committees such as the Standardisation of terminology, Standardisation of units, pollution, the large scale transportation of heat over long distances, etc.

Administrative details were given, such as new members admitted, and financial data.

#### **Meeting of the International Executive Council 1972**

The next meeting of the International Executive Council will take place at Wairakei, New Zealand, in September, 1972.

#### **Resignation of Honorary Secretary**

Leave was taken of Mr H. J. de Villiers who resigned as Honorary Secretary of the S.A. National Committee in anticipation of his retirement from the post of General Manager of Escom. Tribute was paid to his excellent services for the Committee. Mr Jan H. Smith, General Manager-designate of Escom was elected Honorary Secretary.

R. W. BARTON,  
Representative.

Dr. Straszacker het beklemtoon dat die persoonlike kontak en die uitruiling van inligting en idees deur die afgevaardigdes van groot waarde is. Suid-Afrika het baie vriende in hierdie organisasie.

#### **Agste Voltallige Vergadering van die Wêreldkonferensie insake Energie :**

Die Agste Voltallige Vergadering van die Wêreldkonferensie insake Energie sou vanaf 28 Junie tot 2 Julie 1971 te Boekarest, Roemenië, gehou word. Alhoewel die gasheerland geweier het om visums uit te reik ten einde die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes in staat te stel om die vergadering by te woon, het die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee drie tegniese referate geborg, en daar is aanvaar dat hulle in die verrigtinge van die Voltallige Vergadering sal verskyn. Hierdie referate is die volgende :

- (a) „'n Benadering to die probleem van die mees gunstigste plasing van elektrisiteitsopwekkingsinstallasies in Suid-Afrika", deur E. J. Maunders en J. D. Roode van die Suid-Afrikaanse Raad op Atoomkrag;
- (b) „Die ontwikkeling van 'n geïntegreerde elektriese kragvoorsieningstelsel in Suid-Afrika, gebaseer op 'n kombinasie van die beskikbare fossielbrandstof, water en kernhulpbronne" deur M. J. Lay en N. Troost van Evkom; en
- (c) „Die gebruik van laagrade steenkool vir die produksie van olie, gas, kunsmisstowwe en chemikalieë" deur C. W. Schutte en J. H. Govaarts van SASOL.

#### **Jaarverslag 1969 :**

Die jaarverslag van die Wêreldkongres insake Energie vir 1969 is ter tafel gelê. Melding is gemaak van die werk van verskillende komitees, soos byvoorbeeld die standaardisasie van die terminologie, die standaardisasie van eenhede, besoedeling, die groot-skaalse vervoer van hitte oor lang afstande, ens.

Administratiewe besonderhede is aangegee, soos byvoorbeeld nuwe lede wat toegelaat is, en finansiële besonderhede.

#### **Vergadering van die Internasionale Uitvoerende Raad, 1972 :**

Die volgende vergadering van die Internasionale uitvoerende Raad sal in September 1972 in Wairakei, Nieu-Seeland, plaasvind.

#### **Bedanking van Ere-Sekretaris :**

Daar is afskeid geneem van mnr. H. J. de Villiers, wat as Ere-Sekretaris van die S.A. Nasionale Komitee bedank het met die oog op sy uittrede uit die pos van Algemene Bestuurder van Evkom. Daar is hulde gebring aan die uitstekende dienste wat hy aan die Komitee gelewer het.

Mnr. Jan H. Smith, Aangewese Algemene Bestuurder van Evkom, is tot Ere-Sekretaris verkies.

R. W. BARTON,  
Verteenwoordiger.

## REPORT ON SOUTH AFRICAN NATIONAL COMMITTEE ON ILLUMINATION CONGRESS 1970

The 17th Annual General Meeting and Congress of S.A.N.C.I. was held in the Stewarts and Lloyds Recreation Club Hall, Vereeniging, from the 29th April to the 1st May, 1970. Seventy delegates attended.

His Worship the Mayor of Vereeniging, Councillor Combrink, opened the Congress. In his address he expressed appreciation to S.A.N.C.I. and other bodies for their efforts to promote good lighting.

### Presidential Address

In his Presidential address, Dr W. H. M. Rennhackkamp said that since its birth in 1953, S.A.N.C.I. by the efforts of its experts and correspondents on the various C.I.E. Committees had become fairly well-known internationally. However, in South Africa, in spite of its various publications and codes of practice, to the broad mass of the public it was still largely unknown. He considered that it was time to cultivate and educate the man in the street to be interested in this one requirement which can increase his productivity, assist in his safe travelling from place to place, make his leisure hours worthwhile, and thus help him to be a better citizen.

The President mentioned that two guides had been prepared, one on soccer field lighting and one on rugby field lighting. The second part of the code of practice for street and highway lighting, covering lighting of roundabouts, complex interchanges, on and off ramps, etc., had been completed. The first part of the code of practice for interior lighting, dealing with levels of illuminations, glare prediction, etc., had also been completed.

Dealing with C.I.E. matters, Dr Rennhackkamp mentioned that S.A.N.C.I. members had taken part in an international lamp comparison programme. The code committee on streetlighting was engaged on a survey of streetlighting installations as requested by the chairman of the C.I.E. committee.

Numerous other committees were active in C.I.E. matters. A summary is available for perusal by A.M.E.U. members.

### Election of Executive Committee :

Dr Rennhackkamp was re-elected President. Two A.M.E.U. members, Messrs K. G. Robson and R. W. Barton were elected as country members.

## VERSLAG OOR DIE 1970-KONGRES VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE KOMITEE INSAKE VERLICHTING

Die Sewentiende Algemene Jaarvergadering en Kongres van die S.A.N.K.V. is vanaf 29 April tot 1 Mei 1970 in die Ontspanningsklubsaal van Stewarts en Lloyds, Vereeniging, gehou. Sewentig afgevaardigdes was teenwoordig.

Sy Agbare di Beugreemeester van Vereeniging, Raadslid Combrink, het die kongres geopen. In sy toespraak het hy sy waardering teenoor die S.A.N.K.V. en ander liggame uitgespreek vir hul pogings om goeie verligting te bevorder.

### Presidentsrede :

In sy presidentsrede het dr. W. H. M. Rennhackkamp gesê dat die S.A.N.K.V., sedert sy totstandkoming in 1953, deur middel van sy deskundiges en korrespondente in die verskillende C.I.E.-komitees, internasionaal redelik goed bekend geraak het. In Suid-Afrika is hy egter, ten spyte van sy verskillende publikasies en gebruikskodes, by die breë massa van die publiek nog feitlik onbekend. Hy spreek die mening uit dat die tyd aangebreek het om die gewone burger op te voed en aan te moedig om belang te stel in hierdie één vereiste wat sy produktiwiteit kan verhoog, hom kan help om met veiligheid van plek tot plek te reis, sy vrytyd meer aangenaam kan maak en hom sodoende kan help om 'n beter burger van die land te wees.

Die President sê dat twee handleidings voorberei is, een vir die verligting van sokkervelde en die ander een vir die verligting van rugbyvelde. Die tweede gedeelte van die gebruikskode vir die verligting van strate en hoofpaie, wat die verligting van verkeersilande, komplekse wisselaars, op- en afdritte, ens. dek, is ook voltooi. Die eerste gedeelte van die gebruikskode vir binnenshuise verligting, wat oor verligtingsvlakke, skitteringsvoorspelling ens. handel, is eweneens voltooi.

Met betrekking tot C.I.E.-sake, meld dr. Benschackkamp dat lede van die S.A.N.K.V. aan 'n internasionale lampvergelykingsprogram deelgeneem het. Die gebruikskodekomitee insake straatverligting het homself besig gehou met 'n opname van straatverligtinginstallasies soos versoek deur die voorsitter van die C.I.E.-komitee.

Talryke ander komitees het aktief aan C.I.E.-sake deelgeneem. 'n Opsomming van hierdie bedrywighede is beskikbaar vir insae deur lede van die V.M.E.O.

### Verkieping van Uitvoerende Komitee :

Dr. Rennhackkamp is as President herkies. Twee lede van die V.M.E.O., mnr. K. G. Robson en R. W. Barton, is as plattelandse lede verkies.

## Papers

Ten papers were presented, two by speakers from overseas, in the persons of Mr H. Hewitt from the United Kingdom and Mr J. Lindsay from the United States of America.

(a) **"Lighting in the Visual and Thermal Environment"** by H. Hewitt.

The paper reviewed work done on the environmental factors of lighting, namely thermal, aural and spatial and shows how progress is being made in the integration of building services. An interesting feature was the completion of an appraisal form (on the environmental properties of the conference hall) by delegates and a discussion of the results.

(b) **"Control Gear for Modern Discharge Lamps"** by H. Silbermann.

The paper surveys the important technical aspects of control gear for fluorescent lamps. Explanations are given for switch start, instant start and rapid start circuits. With the aid of circuit diagrams, advantages and disadvantages based on technical or economic consideration are discussed. The construction of ballasts and capacitors is reviewed.

The conclusion is reached that it would be in the best interests of the lighting industry if control gear for fluorescent lamps was made solely to the specifications of the South African Bureau of Standards.

(c) **"Lighting for Inspection"** by M. A. Riley.

The use of artificial light in inspection processes in various industries, trades and professions is examined. The suitability of different light sources and light fittings is discussed and recommendations made. An historical treatment of the subject adds to the interest of the paper.

(d) **"Trends in high intensity discharge lighting"** by J. S. Lindsay.

This very interesting talk was delivered with the aid of a large number of coloured slides. The need for higher light levels, lower maintenance costs, attractive appearance and lower operating expenses was shown to have stimulated the production and use of high intensity discharge light sources in the fields of roadway lighting, highway lighting, flood lighting and industrial lighting.

(e) **"High bay lighting"** by D. H. Piekma.

This type of lighting is applied mostly in factories where the height from the floor to roof trusses is at least 7,50 metres. The paper discusses the suit-

## Referate :

Tien referate is voorgelê, waaronder twee deur oorsese sprekers, naamlik mnr. H. Hewitt van die Verenigde Koninkryk en mnr. J. Lindsay van die Verenigde State van Amerika.

(a) **"Verligting in die Visuele en Termiese Omgeving"** deur H. Hewitt.

In hierdie referaat is 'n oorsig gegee van die omgewingsfaktore met betrekking tot verligting, naamlik die termiese, die gehoor- en die ruimte-aspekte, en daar word aangetoon watter vordering in verband met die integrasie van boudienste gemaak word. 'n Interessante glanspunt was die voltooiing van 'n skattingsvorm (aangaande die omgewingseienskappe van die Konferensiesaal) deur die afgevaardigdes en die bespreking van die resultate daarvan.

(b) **"Beheertuig vir moderne ontladingslampe"** deur H. Silbermann.

In hierdie referaat is 'n oorsig gegee van die belangrike tegniese aspekte van beheertuig vir fluoresserende lampe. Verduidelikings is gegee van skakelaar-, oombliklike en snelle aansitterstroombane. Met behulp van stroombaandiagramme is die voor- en nadele, wat op tegniese en ekonomiese oorwegings gegrond is, bespreek, en 'n oorsig is gegee van die konstruksie van ballas en kapasitore.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dit tot die grootste voordeel vir die verligtingsnywerheid sou wees indien die beheertuig vir fluoresserende lampe slegs in ooreenstemming met die spesifikasies van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard vervaardig sou word.

(c) **"Verligting vir Inspeksie"** deur M. A. Riley.

Die gebruik van kunsmatige lig by inspeksieprosesse in verskillende nywerhede, ambagte en professies word ondersoek. Die geskiktheid van verskillende ligbronne en ligtoebehoore word bespreek en aanbevelings word gemaak. 'n Historiese oorsig van die onderwerp dra tot die interessantheid van die referaat by.

(d) **"Tendense in hoë-intensiteitontladingsverligting"** deur J. S. Lindsay.

Hierdie baie interessante praatjie is met behulp van 'n groot aantal kleurskryfies gelewer. Daar is aangetoon dat die behoefte aan hoër verligtingspeile, laer instandhoudingskoste, aantrekklike voorkoms en laer bedryfsuitgawes die produksie en gebruik van hoë-intensiteit-ontladingsverligtingsbronne op die gebied van straatverligting, hoofpadverligting, vloedbeligting en verligting in die nywerheid gestimuleer het.

(e) **"Verligting van hoë lokale"** deur D. H. Piekma.

Hierdie soort verligting word hoofsaaklik in fabriek gebruik waar die hoogte vanaf die vloer tot by die dakkappe minstens 7,50 meter is. In die referaat

ability of various light sources and luminaires. A detailed comparison of annual costs in a specific project, using as alternatives very high output fluorescent, colour-corrected mercury and colour-corrected mercury reflector lamps, is given.

- (f) **"A guide to the planned lighting of offices"** by D. W. Young.

The contribution planned lighting should make to ergonomics in the various types of offices found in modern business concerns is discussed. General design, quality, quantity and colour of light, types of lamps and luminaires, luminance and lighting levels, glare, are all dealt with.

- (g) **"Daylighting of buildings"** by W. Rennhackkamp and C. Krause.

The use of large window areas in countries having a large percentage of sunlight hours can lead to overheating of buildings. The paper discusses this problem in detail for South African conditions and concludes that in many instances it would be more realistic to reduce window areas and supplement daylight with artificial light.

- (h) **"Underground lighting in the Mining Industry"** by C. H. van Graan.

In order to be able to conduct valid vision and colour-blindness tests of mine labourers at the levels of illumination existing in the mines, a survey of light intensities was conducted in 19 mines. The average level of illumination in the South African Mining Industry compares favourably with those reported in the literature, although inter- and intra-mine variations were found. These variations can be eliminated by standardising lighting conditions underground.

- (i) **"The Artifacts of Lighting"** by P. Whitworth.

In this light-hearted presentation the author traces the development of domestic light sources and fittings from the "first bunch of twigs thrust into the fire" right up to the projected "atomic" light source. He discusses the need for highly skilled designers and postulates that the real problem, once the technical requirements have been met, is to produce a design that is socially acceptable in this day and age.

- (j) **"Lighting as a positive factor in Architectural Design"** by R. van der Walt.

The author, who is a practising architect, develops the theme that in the positive design of lighting three main conditions should be fulfilled — firstly

word die geskiktheid van verskillende ligbronne en armature bespreek. Daar word 'n gedetailleerde vergelyking gegee van die jaarlikse koste van 'n spesifieke projek waarin daar om die beurt fluoëssende lampe met baie hoë lewering, kleurekorriseerde kwik- en kleurgekorriseerde kwikweerkatserlampe gebruik is.

- (f) **"'n Gids tot die beplande verligting van kantore"** deur D. W. Young.

Die bydrae wat beplande verligting tot die ergonomie in die verskillende tipes kantore in moderne sakeondernemings behoort te lewer, is bespreek. Algemene ontwerp, gehalte, hoeveelheid en kleur van die lig, die tipes lampe en armature, luminasie en verligtingspele, skittering ens. word almal behandel.

- (g) **"Die dagverligting van geboue"** deur W. Rennhackkamp en C. Krause.

Die gebruik van groot vensteroppervlaktes in lande wat 'n hoë persentasie sonlig-ure het, kan tot die oorverhitting van geboue lei. In die referaat word hierdie probleem vir sover dit op Suid-Afrikaanse toestande betrekking het, in detail bespreek en daar word tot die gevolgtrekking gekom dat dit in baie gevalle meer realities sal wees om vensteroppervlaktes kleiner te maak en om daglig met kunsmatige lig aan te vul.

- (h) **"Ondergrondse Verligting in die Mynbedryf"** deur C. H. van Graan.

Ten einde in staat te wees om geldige gesig- en kleurblindheidstoetse op mynwerkers uit te voer teen die verligtingspele wat in die myne bestaan, is 'n opname van die lig-intensiteit in 19 myne gemaak. Die gemiddelde verligtingspeil in die Suid-Afrikaanse mynnywerheid vergelyk gunstig met wat in die beskikbare lektuur beskryf word, dog verskille tussen myne en tussen gedeeltes van dieselfde myn is gevind. Hierdie verskille kan uitgeskakel word deur die ondergrondse verligtingstoestande te standaardiseer.

- (i) **"Die kunsprodukte van verligting"** deur P. Whitworth.

In hierdie lughartige voordrag gee die skrywer 'n oorsig van huishoudelike ligbronne en toe behore vanaf „die eerste bondel takkies wat in die vuur gedruk is" tot by die beoogde „atomiese" ligbronne. Hy bespreek die behoefte aan hoogs bekwame ontwerpers en gaan van die veronderstelling uit dat die werklike probleem, nadat daar aan die tegniese vereistes voldoen is, is om 'n ontwerp daar te stel wat in hierdie tydsvak sosiaal aanvaarbaar sal wees.

- (j) **"Verligting as 'n positiewe faktor in argitektoniese ontwerp"** deur R. van der Walt.

Die skrywer, wat 'n praktiserende argitek is, bespreek die stelling dat, in die positiewe ontwerp van verligting, daar drie hoof-vereistes is waaraan voldoen

its practicality, that is does it meet with the physical and psychological requirements of the users; secondly, its functionality, that is, does it have a sound technology? and thirdly, impact—does it induce the desired emotions and create the appropriate character?

(k) **“Orientated Lighting”** by H. D. Einhorn.

A new design concept, “orientated lighting”, (more precisely “general orientated asymmetric lighting”) can enhance the quality of lighting by reducing reflected glare and by improving modelling. Its potentialities and limitations are explained with the aid of practical examples. Opportunities for light fittings development become apparent.

**General**

The Congress was a great success and met fully the high standards which we have learned to expect from S.A.N.C.I.

R. W. BARTON,  
Representative

**REVISION OF THE STANDARD REGULATIONS  
FOR THE WIRING OF PREMISES**

Messrs D. C. Plowden (Johannesburg) and E. E. de Villiers (Rustenburg) represented the A.M.E.U. on the newly constituted S.A.B.S. Committee for the revision of the Standard Regulations for the Wiring of Premises.

The first meeting of the Committee was held on 8th December, 1970. At this meeting the metrication of all units were finalised as well as a new system of tables of current-carrying capacity of cables, voltage drop, conduit capacities, etc. The final results have been published by the S.A.B.S. as Addendum No. 1.

A further meeting was held on 11th May, 1971, primarily to consider suggestions received from various persons and bodies concerning revision of a number of paragraphs of the present Regulations. It is anticipated that the revisions decided upon will be published soon.

At this second meeting the Committee was reconstituted as the South African Technical Sub-Committee of the Technical Committee No. 64 (Electrical Installation of Buildings) of the International Electro-technical Commission to discuss and comment on Documents 34, 35, 36, 37 and 38 of the Secretariat, to be used as a basis for the revision of Publication 364-1. Representatives will pose these comments at the meeting of Committee No. 64 to be held in Lon-

doon—eerstens die uitvoerbaarheid daarvan, d.w.s. of dit aan die fisiese en sielkundige vereistes van die gebruikers voldoen; tweedens die funksionaliteit daarvan d.w.s. is dit tegnies gesond?; en derdens die trekkrag daarvan—waker dit die verlangde emosies aan en skep dit die gewenste atmosfeer?

(k) **„Georiënteerde Verligting”** deur H. D. Einhorn.

’n Nuwe begrip in ontwerp, „georiënteerde verligting” (of, meer korrekgestel, „algemene georiënteerde asimmetriese verligting”) kan die gehalte van verligting verhoog deur weerkaatste skittering te verminder en deur modellering te verbeter. Daar is ’n uiteensetting gegee van die moontlikhede en die beperkinge hiervan, met behulp van praktiese voorbeelde. Die moontlikhede vir die ontwikkeling van ligtoebehore word verduidelik.

**Algemeen :**

Die kongres was ’n groot sukses en daar is ten volle voldoen aan die hoë standaarde wat ons gewoon geraak het om van die S.A.N.K.V. te verwag.

R. W. BARTON,  
Verteenwoordiger.

**HERSIENING VAN DIE STANDAARD  
REGULASIES VIR DIE BEDRADING VAN  
PERSELE**

Mnr. D. C. Plowden (Johannesburg) en E. E. de Villiers (Rustenburg) het die V.M.E.O. verteenwoordig op die nuutgestigte S.A.B.S.-komitee vir die hersiening van die Standaard Regulasies vir die Bedrading van Persele.

Die eerste vergadering van die Komitee is gehou op 8 Desember 1970. By hierdie vergadering is die metrisering van alle eenhede afgehandel sowel as ’n stelsel van tabelle van stroomvermoë van kables, spanningsverlies, geleierpypvermoë, ens. Die eindresultaat is reeds deur die S.A.B.S. gedruk as „Addendum No. 1”. (Die Afrikaanse weergawe sal mettertyd verskyn).

’n Verdere vergadering is gehou op 11 Mei 1971, hoofsaaklik om voorgestelde wysigings van ’n aantal persone en instansies, te oorweg. Na verwagting sal die hersiening waarop besluit is binnekort gepubliseer word.

By hierdie tweede vergadering is die Komitee geherkonstitueer as die Suid-Afrikaanse Tegniese Komitee van die Tegniese Komitee Nr. 64 (Elektriese Installasies van Geboue) van die Internasionale Elektrotegniese Kommissie om bespreking te voer oor en kommentaar te lewer op dokumente 34, 35, 36, 37 en 38 van die Sekretariaat, vir gebruik as basis tot hersiening van Publikasie 364-1. Verteenwoordiger sal hierdie kommentaar voorlê aan ’n vergadering van

don from the 13th to 17th September, 1971. It is anticipated that the revised Publication 364-1 of the I.E.C. will be a valuable guide to mould the South African wiring Regulations to conform to International Standards.

E. E. de VILLIERS,  
Representative

#### S.A. ELECTROLYTIC CORROSION MAIN COMMITTEE

The fifth meeting of this Committee was held in the offices of the South African Railways in Paul Kruger Building, Johannesburg, on the 9th June, 1971.

In terms of the Constitution it was necessary to elect a Chairman and Deputy Chairman for the new two-year term and Messrs L. H. James, Deputy Chief Engineer, Rand Water Board, and Mr G. B. Jack, Assistant Chief Electrical Engineer (Maintenance), S.A.R., were respectively elected to these positions.

#### Regional Field Committees

The four Regional Field Committees are healthily active and their deliberations are proving mutually beneficial to all parties concerned.

From time to time Regional Field Committees refer technical problems to the Main Committee. Because the latter Committee only meets once a year and because its functions are administrative rather than technical, it was decided to request Field Committees to address their problems to the Secretary of the Main Committee who, in turn, would refer them to each of the other Field Committees for consideration. All comments received would then be passed back to the originating Field Committee and, if of common interest, be published in Technical Bulletins.

On occasion, Regional Field Committees become involved in legal considerations. Since these considerations do not fall within the scope of activity of either the Main Committee or the Field Committees, it was decided to instruct the latter Committees to avoid such involvement. The policy of confining activities to technical considerations only constituted one of the basic concepts in the establishment of the Main and Regional Field Committees and is covered in the Constitutions of these Committees.

The question of apportionment of costs for installation of protective systems was raised by one of the Regional Field Committees. The Main Committee resolved to inform Field Committees that this matter does not fall within their terms of reference, which essentially cover consideration of technical problems.

Komitee Nr. 64 wat vanaf 13 tot 17 September 1971 in Londen gehou word.

Die verwagting is dat die hersiene Publikasie 364-1 van die I.E.K. as 'n waardevolle gids sal dien om die Suid-Afrikaanse Bedradingsregulasies in 'n vorm te giet wat sal voldoen aan Internasionale Standaarde.

E. E. de VILLIERS,  
Verteenwoordiger.

#### S.A. ELEKTROLITIESE KORROSIE HOOF KOMITEE

Die vyfde vergadering van hierdie Komitee was in die kantore van die Suid Afrikaanse Spoorweë in Paul Kruger gebou, Johannesburg, gehou op 6 Junie 1971.

Volgens die Konstitusie was dit nodig om 'n Voorsitter en Ondervoorsitter vir die nuwe tweejarige termyn te kies, en mnr. L. H. James, adjunk Hoofingenieur, Randse Waterraad, en G. B. Jack, Assistant Hoof Elektrotegniese Ingenieur (Onderhoud), S.A.S., is onderskeidelik vir die twee poste gekies.

#### Streeksgebiedskomitees

Die vier Streeksgebiedskomitees is werksaam op 'n gesonde grondslag en hulle oorwegings blyk onderling voordelig te wees vir alle onderhawige instansies.

Elke nou en dan verwys Streekskomitees tegniese probleme na die Hoof Komitee. Aangesien die laasgenoemde Komitee slegs eenmaal per jaar saamkom en omdat sy funksies meer administratief dan tegniese is, is dit besluit om die Gebiedskomitees te versoek om hulle probleme te rig aan die Sekretaris van die Hoof Komitee wat, op sy beurt, hulle sal verwys na elk van die ander Gebiedskomitees vir oorweging. Alle opmerkings ontvang sal dan teruggestuur word na die oorspronklike Gebiedskomitee en, indien van gemeenskaplike belang, vir publikasie in Tegniese Bulletins.

Somtyds word Streeksgebiedskomitees gemoed in wetsaspekte. Aangesien sulke oorwegings buite die bestek van die werksaamhede van beide die Hoof Komitee en die Gebiedskomitees val, is dit besluit om die laasgenoemde Komitees te beveel om nie betrokke te raak in sulke aangeleenthede nie. Die belied om werksaamhede te beperk tot slegs tegniese aangeleenthede was een van die basiese oorwegings by die samestelling van die Hoof en Streeksgebiedskomitees en word gedek in die konstitusies van daardie komitees.

Die vraag van indeling van onkoste vir installeering van beveiligingsstelsels is geopper deur een van die Streeksgebiedskomitees. Die Hoof Komitee het besluit om Gebiedskomitees aan te sê dat die saak buite hulle bevoegdheidsgrense, wat hoofsaaklik tegniese oorwegings behels, val. Tog was die opinie van die Hoof



